’N KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF OP PLAASTOERISME: GEVALLESTUDIES VAN DIE PLASE SOUTPAN EN SEWEFONTEIN IN DIE GROTER CALVINIA- EN NIEUWOUDTVILLE-DISTRIK

MARA VISSER (nèè Theron)

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Sosiale Wetenskappe, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr M Burden

Maart 2010

HOOFSTUK 5

DIE PLAAS SEWEFONTEIN

5.1 Ligging van Sewefontein

Die plaas Sewefontein is ongeveer 28 kilometer suid van Nieuwoudtville in die Heideveld-gedeelte van die Bokkeveld geleë (figuur 15). Die plaas is aangrensend aan die plase Lokenburg en Papkuilsfontein. Dit grens aan Papkuilsfontein waar die Oorlogskloofrivier deur die Bokkeveldsberg se plato deurbreek. Sewefontein en Papkuilsfontein is ook aangrensend aan die suid-oostelike en oostelike kant van die Oorlogskloofnatuurreservaat (Nel gd:hoofstuk 5.3).

5.2 Geografie

5.2.1 Klimaat en plantegroei

Die plaas val in ‘n winterreënvalstreek maar reën kom ook in die lente voor. Die winters kan ysig koud word met temperature wat net bokant vriespunt draai terwyl die somers dagtemperature van meer as 30°C kan haal (mnr PJ Boltman 2001:onderhoud).

Die natuurlike omgewing is baie ongerep. Op groot dele van die plaas is daar interessante sandsteenformasies, rotsboë, rotsskeure en bakkranse te sien (figuur 16 en 17). Daar kan wabome, (*Protea nitida)* asook verskeie ander proteasoorte teen die westelike rante waargeneem word. Van die proteasoorte word ook in ‘n noordelike rigting gevind (Nel gd:hoofstuk 5.3). Heide soos die *Erica plukenetii* kom in die klipperige sandsteenglooiings voor, asook die botterboom (*Tylecodon paniculatus)* (Manning & Goldblatt 1999:108,142). Tussen Papkuilsfontein en Sewefontein is daar ook ‘n waterval van amper honderd meter hoog (Nel gd:hoofstuk 9.2).

5.2.2 Geologie

Slegs gesteentes van die Kaapse Supergroep is op die plaas aanwesig. In die valleie word oorwegend sand gevind wat die verweringsproduk van gemelde gesteentes verteenwoordig. Die dunner gelaagde sandsteeneenhede van die Tafelberg Groep

Figuur 15: Kaart van Nieuwoudtville area met Sewefontein aangedui

(Brosjure*: Nieuwoudtville bulb capital of the world*)

Figuur 16: Rotsboog (Foto: M Visser 2003)

Figuur 17: Bakkranse (Foto: M Visser 2003)

verteenwoordig dagsome van die Rietvlei Formasie. Die Skurweberg Formasie wat in die vlakte voorkom, is kenmerkend dikker gelaag (dr H Theron 2009:onderhoud).

5.3 Geskiedenis van die plaas

5.3.1 Eienaars

Sewefontein was oorspronklik bekend as *De Quispberg* soos blyk uit 'n opmeting van die plaas gemaak deur landmeter J Schütte op 18 Februarie 1820 (AK Wor.Q 5-63). Die vroegste verwysing na die plaas wat gevind kon word, is in die Opgaafrolle van 1811 van Jan Disjelsvalley, distrik Clanwilliam. Daarvolgens het Johannes Mostert die plaas *Quisberg* in *leening* bewoon (KAB J19:36). Dit is nie seker wanneer die naam na Sewefontein verander het nie. Jare later het Jan Harmse Nel in 1871 'n deel van die plaas gekoop en volgens 'n verband wat hy by die *Cape of Good Hope Saving Bank Society* op 11 Julie 1895 vir die plaas aangegaan het, het hy op die plaas *Zevenfontein* gewoon. In die dokument word die plaas as die erfpagplaas *Quetsberg* en nie De Quispberg nie, aangedui (KAB DOC 4/1/440:2657). Op 'n verdere verband wat hy vier jaar later in 1889 uitgeneem het, het hy weer aangedui dat hy op die plaas Zevenfontein (*Quipberg*) woon (KAB DOC 4/1/688:5511). Uit verskillende dokumente blyk dit dus dat die name gewissel het van *De Quispberg, Quistberg* tot *Quipberg en Quetsberg.* Die oorsprong en betekenis van die benaming is onbekend maar volgens die huidige eienaar van die plaas, mnr JN (Buks) Boltman kon dit dalk te doene gehad het met 'n stryery oor grond en dat, nadat die probleem opgelos is, die twee partye *quits,* dit wil sê, gelyk was (2009:onderhoud). Hierdie moontlike verklaring klink 'n bietjie vergesog en is hoogs onwaarskynlik. Hoewel die plaas op amptelike dokumente as *De Quispberg* aangedui word, is dit waarskynlik deur een van die eienaars na Zevenfontein verander wat 'n baie toepaslike naam is, aangesien daar sewe varswater fonteine op die werf is. Daar word in der waarheid reeds in die Opgaafrolle van 1812 aangedui dat die leningsplaas *Quistberg aan die Seeven fonteinen op Bokkeveld* geleë is (KAB J20:7). Zevenfontein het waarskynlik geleidelik Sewefontein geword en dié naam het die noemnaam van die plaas geword tot vandag.

Die dokument wat in 1820 deur landmeter Schütte opgestel is tydens die opmeting van die plaas, dui aan dat dit 'n leningsplaas was wat aan Johannes Mostert behoort het (AK Wor.Q 5-63). Tydens die Duitse reisiger Lichtenstein se reis van 1803 beskryf hy sy besoek aan Jacob A Louw van die plaas Lokenburg, die buurplaas van Sewefontein.

Lichtenstein meld dat die omgewing baie yl bewoon was en dat Louw hom vertel het dat hy op die meeste vier bure het wat almal 'n halwe dagrit te perd van hom af bly (1928:103). Van dié inligting kan afgelei word dat die leningsplaas De Quispberg (Sewefontein) dus waarskynlik eers ná 1803 tot stand gekom het aangesien Louw dit sou meld as hy 'n buurman naby hom op sy buurplaas sou hê.

Tot met die opgaafrolle van 1827 word Johannes Mostert en sy vrou Helena Johanna Loubscher as die bewoners van die leenplaas, nou Quitsberg genoem, aangedui (KAB J32:46). Vanaf 1829 word die name van die plase nie meer in die opgaafrolle aangedui nie en kan dit nie meer met sekerheid gesê word dat hulle die plaas bewoon het nie. Die gevolgtrekking is dus dat die plaas tussen 1803 en 1811 vir die eerste keer as leenplaas uitgegee is.

Die eerste akte inskrywing vir die plaas was in 1832 toe dit as 'n erfpagplaas van 9576 morge aan Thomas Arnoldus Theron uitgegee is (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). Dit was vir amper twee jaar in sy besit tot Floris Kotze dit in 1834 gekoop het. Na die afsterwe van Floris het die plaas in 1860 oorgegaan in die hande van sy broer Theunis Johannes Kotze (AK Calvinia Akteregister:805/1/2).

Uit die boedel van Theunis Johannes Kotze blyk dit dat in 1869 ses Kotze's elk 'n sesde van die grond gekry het en dat daar ook van die grond oorgegaan het in die hande van Jan Harmse Steenkamp en Theunis Johannes van der Westhuizen. In 1871 gaan van die Kotze's se grond oor in die hande van die Nels as Jan Harmse Nel FJ Kotze se sesde koop en sy broer, Jacobus Nel, in 1873 twee gedeeltes koop, dié van TJ van der Westhuizen en 'n twaalfde van JP Kotze. Vanaf 1874-1878 koop die twee Nel-broers nog grond van die Kotze's asook die grond wat aan JH Steenkamp behoort het (AK Calvinia Akteregister:805/1/2).

Die derde Kotze broer, Nicolaas Kotze, wat met 'n bruin vrou getroud was, se kinders word later as Kleurlinge geklassifiseer. Sy agt kinders se grond word behou en nie verkoop nie. Hierdie grond is aangrensend aan Sewefontein en word Sandrivier genoem (Nel gd:hoofstuk 5.1).

Op 25 Junie 1908 het Jan Harmse Nel sy deel van Sewefontein aan sy drie seuns, Willem Jacobus Albertus Nel, Heremias Cornelis Nel en Johannes Abraham Benjamin Nel bemaak. Twee van die broers, WJA Nel en JAB Nel verkoop hulle grond aan hul ander broer, Heremias Cornelis Nel (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). Heremias Cornelis Nel kon nie van die boerdery 'n sukses maak nie, want op 29 Maart 1927 is hy insolvent verklaar en is die plaas vir drie jaar deur die *Malmesbury Board of Executors, Trust and Fire Assurance Corporation*, wat as kurator opgetree het, bestuur. Op 11 Julie 1930 het Jan Harmse Nel se skoonseun, Jacobus Nel Boltman, die insolvente boedel van Heremias Cornelis Nel oorgeneem (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). Die ander gedeelte van die plaas wat aan Jacobus Nel behoort het, is vanuit sy boedel aan Nicolaas Everhardus Nel oorgedra op 27 September 1921 (Nel gd:hoofstuk 5.1-5.2).

Op 1 April 1954 is al die grond van die eienaars Nicolaas Everhardus Nel, Jacobus Nel Boltman, PJ Kotze en andere, finaal verdeel. In dieselfde tyd het Jacobus Nel Boltman ook sy grond verdeel en is dit deur sy seuns, Petrus Jacobus (Kosie) en Jacob Cornelius (Japie) Boltman by hom gekoop (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). Petrus Jacobus het die gedeelte Melkkraal gekoop en sy broer Jacob Cornelius, Sewefontein. Op 16 Februarie 1977 het PJ (Kosie) die gedeelte Sewefontein wat aan sy broer Jacob Cornelius (Japie) behoort het, gekoop (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). In 2002 gaan Melkkraal en Sewefontein oor in die hande van sy enigste seun, Jacobus Nel (Buks) Boltman. Laasgenoemde boer tans nog op die plase Sewefontein en Melkkraal (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud). Die plaas is dus vanaf 1930 in die hande van die Boltman-familie.

5.3.2 Die Nel-familie

Die stamvader was Guillaume Niel of Nel, gebore in 1663 en afkomstig van Rouaan, Frankryk. Hy was 'n Franse vlugteling en het voor 1690 in die Kaap aangekom met sy vrou, Jeanne de la Batte, afkomstig van Saumur. Hulle was vergesel van hulle twee kinders (De Villiers & Pama 1966:623). Met hulle koms na die Kaap was daar al drie kinders uit die huwelik gebore maar die oudste kind, Dawid, het as baba gesterf. Daar is later nog agt kinders uit die huwelik gebore (Nel gd:hoofstuk 1.1).

Guillaume Nel en sy gesin het hulle in die distrik Stellenbosch, op die plaas Blaauwklippen gevestig. Gerrit Jansz Visscher het vanaf ongeveer 1682 op Blaauwklippen gewoon en die plaas is op 9 September 1690 amptelik aan hom toegestaan, maar twee maande later, op 9 November 1690, is dit per transportakte 284 aan Guillaume Nel oorgedra (Nel gd:hoofstuk1.1). Hy het vir twee-en-dertig jaar op Blaauwklippen geboer en het op 13 Januarie 1722 die plaas aan sy oudste dogter Jeanne of Johanna en haar tweede man, Barend Pieterze verkoop (Nel gd:hoofstuk 1.2).

Tydens sy verblyf op Blaauwklippen was hy een van die burgers wat saam met Adam Tas die klagskrif teen goeweneur WA van der Stel onderteken het. Guillaume Nel het die klagskrif as *Willem Nel* onderteken (Nel gd:hoofstuk 1.2).

Elias Nel word aangedui as Guillaume Nel se sewende kind maar in ag genome dat hulle eerste kind in 1686 oorlede is, was Elias dus eintlik sy agste kind (De Villiers & Pama 1966:626; Nel gd:hoofstuk 1.2). Hy het op 21 Oktober 1731 met Anna Coetsee getrou. Sy is waarskynlik kort daarna oorlede want op 15 Maart 1733 het hy weer getrou met Anna Vivier, by wie hy twee kinders, Johan Abraham en Albertus, gehad het. Elias Nel was ‘n burger van Drakenstein (De Villiers & Pama 1966:626).

Elias en Anna Vivier se oudste kind Johan Abraham het met Maria Louw en later met Rachel Jourdan getrou. Ses kinders is uit sy eerste huwelik gebore. Johan Abraham was ‘n burger van Stellenbosch (De Villiers & Pama 1966:626-627). Hy het tussen 1760 en 1765 noordwaarts begin trek na die Bokkeveld en later die Hantam. Hy het ook na die suidelike gebiede van die Sakrivier in Boesmanland getrek en het blykbaar na ‘n leningsplaas, Keulen, in die Roggeveld teruggekeer, waarskynlik as gevolg van die Boesmans wat plundertogte langs die Sakrivier uitgevoer het (Nel gd:hoofstuk 1.4).

Die tweede kind van Johan Abraham en Maria Louw was die later bekende kommandant Jacobus (Koos Kommandant) Nel van die Onder-Roggeveld (De Villiers & Pama 1966:626; Nel gd:hoofstuk1.5). Hy is op 4 April 1768 gebore te *Amandelboom over de Zakrivieren* en het op 13 September 1840 op sy plaas Blomfontein in die Roggeveld gesterf (Nel gd:hoofstuk 1.5). Hy was twee keer getroud en het blykbaar twee-en-twintig kinders gehad. Bronne verskil oor die aantal kinders wat hy gehad het; volgens De Villiers & Pama was dit sestien (1966:626-627), maar volgens die navorsing van Nel het hy twee-en-

twintig kinders gehad. Die datums van geboorte van sy kinders is deur Nel uit sy Statebybel verkry (gd:hoofstuk1.5-1.7). Die kinders wat nie deur De Villiers en Pama genoem word nie, het by geboorte, of in die jaar van geboorte, dus baie jonk, gesterf.
Jacobus Nel se negende kind was Jacob Willem Stephanus Nel. Hy is op 23 Maart 1808 gebore. Volgens Nel was hy was drie keer getroud en het hy by sy derde vrou, Martha Margaretha van Taak twee seuns gehad. Die seuns, Jacobus, gebore 1 Desember 1843 en Jan Harmse, gebore 7 Mei 1847, se lewens was nou met die plaas Sewefontein verweef (gd:hoofstuk 3.1-3.2). Jacob Willem Stephanus se eerste vrou, Johanna Elisabeth Steenkamp het op 12 Januarie 1927 gesterf. Steenkamp verwys egter daarna dat hy in 1829 weer met 'n Steenkamp, naamlik Hendrina Maria getrou het (1969:168). Volgens Nel kon hy geen bewyse van so 'n huwelik opspoor nie (gd:hoofstuk 3.1-3.2), maar die afleiding kan gemaak word dat hulle wel getroud was, want op 8 November 1830 het hulle saam 'n testament laat opstel (KAB MOOC 7/1/113:52). Hendrina Maria Steenkamp was dus sy tweede vrou en Martha Margaretha van Taak was Jacob Willem Stephanus se vierde vrou.

Jacobus en Jan Harmse Nel het die plase Brakkefontein en Brakrivier geërf en albei het later De Quispberg (Sewefontein) van die Kotze's aangekoop. Jacobus het op Brakrivier gewoon en Jan Harmse op Sewefontein (Nel gd:hoofstuk 3.3). Jan Harmse het met Janetta Sophia Nieuwoudt getrou en hulle dertiende en laaste kind, Hendrina Maria Nel het met Jacobus Nel Boltman getrou. Dit was hy wat die insolvente boedel van Heremias Cornelius Nel oorgeneem en Sewefontein gekoop het (Nel gd:hoofstuk 5.2). Die plaas Sewefontein het op diè wyse vanaf die Nels oorgegaan in die hande van die Boltmans.

In verkorte vorm kan die Nel-stamlyn dus so weergegee word:
(* =gebore)
(≈ = gedoop)
(x = eerste huwelik)
(xx = tweede huwelik
(xxxx = vierde huwelik)

Guillaume Nel x Jeanne de la Batte voor 1690
Hul agste kind van elf:
Elias ≈ 1701 xx 1733 Anna Vivier

Hul oudste kind van twee:
Johan Abraham ≈ 1735 x 1764 Maria Louw
Hul tweede kind van ses:
Jacobus (Koos Kommandant) ≈ 1768 x1793 Anna Jacomina van Wyk
Die negende kind van twee-en-twintig:
Jacob Willem Stephanus * 1808 xxxx Martha Margaretha van Taak
Hul twee kinders:
Jacobus * 1843 x Elizabeth Helena Catharina Louw
Jan Harmse * 1847 x 1865 Janetta Sophia Nieuwoudt
Hul laaste kind van dertien:
Hendrina Maria *1890 x Jacobus Nel Boltman

5.3.3 Die Boltman-familie

Die stamvader van die Boltmans in Suid-Afrika was Pieter Pietersz Boltman. Hy was afkomstig vanaf Kopenhagen in Denemarke. Op 9 Junie 1811 het hy met Clara Elizabeth van die Kaap in die huwelik getree (Schutte gd:21; Heese & Lombard 1986:322).

Pieter P Boltman het vier kinders gehad wat buite die eg gebore was aangesien hy eers in 1811 getrou het. Sy tweede seun was Frederik Henricus Boltman, gebore in Kaapstad, waarskynlik in 1792. Hy het as winkelier in Kaapstad ‘n lewe gemaak en daar met Christina Petronella Jacoba Kuuhl op 1 Mei 1825 getrou. Hy het op 21 September 1837 op die ouderdom van vyf-en-veertig jaar in Kaapstad gesterf. Die egpaar het sewe kinders gehad (Heese & Lombard 1986:322). Volgens sy sterftesertifikaat het hy ‘n huis in Bloemstraat 6 besit, dus het hy waarskynlik langs sy vader gewoon (KAB MOOC 6/9/11:2383). Sy moeder se sterftesertifikaat dui egter aan dat sy in haar seun, Frederik Henricus, se huis in Bloemstraat 4 oorlede is (KAB MOOC 6/9/4:671). Die inskrywing vir die straatnommer kan foutief wees of die seun kon dalk die vader se huis geërf het.

Hulle sesde kind was Petrus Jacobus, gebore op 18 Julie 1834. Hy het in Stellenbosch met Emerentia Jacoba van Ellewee getrou wat in 1875 in Calvinia gesterf het, ‘n maand na haar laaste kind se geboorte (Schutte gd:21). Tien kinders is uit die huwelik gebore. Die afleiding kan gemaak word dat hulle een of ander tyd vanaf die Kaap na Calvinia verhuis het, want die eerste drie kinders is in Stellenbosch gebore, die vierde in Franschhoek, die

vyfde weer in Stellenbosch en die laaste vyf in Calvinia (Schutte gd:27). Petrus Jacobus het na sy vrou se dood weer in Calvinia met Alida Hester Jacoba Strauss getrou en 'n tweeling, Hester Jacoba en Jacobus Nel, is uit die huwelik gebore (Heese & Lombard 1986:322). Dié Jacobus Nel Boltman was die man wat met Hendrina Maria Nel getrou en die plaas Sewefontein uit die insolvente boedel van Heremias Cornelius Nel gekoop het. Jacobus Nel Boltman (Kolie) en Hendrina Maria het vyf kinders gehad. Die bande tussen die Nels en Boltmans is verder versterk deurdat twee van die Boltman kinders, Janetta Sophia (Netta) en haar broer Jacob Cornelius (Japie) met 'n Nel broer en suster, Willem Gabriël Brynard en Johanna Catherina (Hanna) getrou het (Schutte gd:153, 155).

Die eerste en die derde seun van Jacobus en Hendrina kry elk 'n deel van die plaas Sewefontein maar die oudste seun, Petrus Jacobus (Kosie) koop later die derde seun, Jacob Cornelius (Japie) se gedeelte van die plaas. Kosie se seun Jacobus Nel Boltman (Buks) boer tans op Melkkraal en Sewefontein.

In verkorte vorm kan die Boltman-stamlyn so weergegee word:
(* = gebore)
(≈ = gedoop)
(x = eerste huwelik)
(xx = tweede huwelik)

Pieter Pietersz x 1811 Clara Elizabeth van die Kaap
Hul tweede kind van vier:
Frederik Henricus * c1792 x 1825 Christina Petronella Jacoba Kuuhl
Hul sesde van sewe kinders:
Petrus Jacobus * 1834 xx Alida Hester Jacoba Strauss
Tweeling; seun:
Jacobus Nel * 1880 x Hendrina Maria Nel
Hul oudste van vyf kinders:
Petrus Jacobus * 1919 x 1952 Anna Jacoba Louw van Zyl
Hul laaste van vier kinders:
Jacobus Nel (Buks) * 1959 x 1994 Louise Augusta van Zyl

5.4 Boukuns van die omgewing

Dieselfde boukuns, boumetodes en boumateriaal wat beskryf word in 4.3 – 4.4.4 geld ook vir hierdie omgewing.

5.5 Die opstal en werf van Sewefontein

Die opstal bestaan uit die volgende geboue: die woonhuis, skool, die onderwyser se huis, die kafhok, waenhuis, murasie en die stalle. Op die werf is daar ook ‘n buitebakoond net agter die huis met ‘n groot seeppot daar langsaan, asook ‘n klein hoenderhokkie (figuur 18). Die oudste geboue is die murasie, die skool, die stalle en die kafhok. As daar na die boustyl en boumateriaal gekyk word, dateer dié geboue waarskynlik uit die eerste helfte van die 19de eeu terwyl die woonhuis uit die laat 19de eeu dateer. Al die geboue is oorwegend gebou met materiaal uit die omgewing.

5.5.1 Woonhuis (A)

Die presiese datum wanneer die huis gebou is, is onbekend, maar beskikbare inligting kan ‘n aanduiding verskaf van ‘n moontlike datum.

Jacob Willem Stephanus Nel se twee seuns, Jacobus en Jan Harmse het die plase Brakkefontein en Brakrivier geërf (KAB MOOC 7/1/349:17). Jacobus het hom op Brakrivier gevestig. Jan Harmse moes saam met sy broer in die enigste woonhuis op Brakrivier gaan woon maar sy vader se testament het bepaal dat indien hulle nie saam wou woon nie, die ander broer (Jan Harmse) 2000 riksdaalers sou kry om vir hom ‘n woonhuis te bou (KAB MOOC 7/1/349:17; Nel gd:hoofstuk 5.1). Albei koop later dele van die plaas De Quispberg (Sewefontein) aan. Moontlik het Jan Harmse dié geld gebruik om die grond aan te koop om vir homself ‘n woonhuis op Sewefontein te kon bou. Aangesien die grond eers in 1871 aangekoop is, (Nel gd:hoofstuk5.1) kon die huis eers daarna gebou gewees het, want hy sou tog nie ‘n groot huis bou op grond wat nie aan hom behoort het nie. Volgens Jan Harmse se kleindogter, Elizabeth Helena Cataharina Brasler (nèè Nel), het hy die huis tussen 1872 en 1874 gebou (Nel gd: hoofstuk 5.4). Schutte meld dat die huis in 1832 gebou is en dat die grond van Sewefontein vanaf 1840 aan die Nel-familie behoort het (gd:153). Historiese dokumentasie bewys dat die Nels eers in 1871 die grond aangekoop



Figuur 18: Opstal van Sewefontein

(Tekening: M Visser 2009)

het en dat Thomas Arnoldus Theron die grond in 1832 besit het (AK Calvinia Akteregister:805/1/2). Indien Theron 'n huis op die plaas bewoon het, was dit waarskynlik dit wat nou die murasie is. Die lengte en wydte van die huidige woonhuis, asook die feit dat dit toe dit gebou is reeds 'n sinkdak gehad het, dui daarop dat die huis waarskynlik in die tweede helfte van die neëntiende eeu gebou is. Van der Merwe wys daarop dat huise in die eerste helfte van die neëntiende eeu nie meer as ongeveer 6,5 meter breed en 10 tot 12 meter lank was nie en dat sinkdakke toe ook nie bekend was nie (1938:210,214).

Die woonhuis van Sewefontein is 'n langwerpige huis soos gevind op baie van die plase in die omgewing (figuur 19 en 20). Die ontwikkeling van die grondplan van huise het volgens Walton uit die basiese langhuis ontstaan. Soos die behoefte aan spasie toegeneem het, is daar vertrekke voor of agter aan die langhuis gelas in die *letter-van-die-alfabet* uitleg. Die grondplan vorm letters van die alfabet soos T, I, H of U (Walton 1965:8-11). In verdere ontwikkeling het die verskyning van 'n ingangsportaal groot strukturele veranderinge aan huise teweeggebring. Die fasade van die huise het verander omdat daar nie meer plek vir die half-wydte vensters langs die voordeur was nie (Fransen & Cook 1965:xix). In die volgende ontwikkeling is daar 'n dubbel ry vertrekke gebou. Dit het veroorsaak dat die dakwydte baie groter moes wees om die dubbel ry vertrekke te kon oorspan. Probleme het ontstaan ten opsigte van voorkoms en proporsie en huise is toenemend sonder gewels gebou tot met die gebruik van sinkdakke in die 1870's (Fransen & Cook 1965:xix).

Sewefontein se huis is nie 'n tipiese langhuis nie want dit het 'n ingangsportaal en 'n dubbele ry vertrekke. Die huis het nog sy oorspronklike sinkdak wat weens die droë klimaatstoestande steeds in 'n goeie toestand is. Aan die binnekant van die dakplate op die solder, kan die handelsmerk van die dakplaat vervaardigers, 'n lugballon, gesien word. Mnr Nigel Amschwand, 'n navorser wat ook die plaas Sewefontein besoek het, het die bestuurder van die *South African Hot Dipped Galvanizing Association* genader aangaande meer inligting oor die dakplate. Hy het vasgestel dat die sinkplate in Bristol, Engeland vervaardig is en dat dit deur die staal maatskappy Baldwins ingevoer is. Baldwins het later deel van die firma Stewarts & Lloyds geword (Amschwand 2009:onderhoud).

Figuur 19: Vooraansig van die woonhuis (Foto: M Visser 2003)

Figuur 20: Agteraansig van die woonhuis (Foto: M Visser 2003)

Die dik mure wat met rou kleistene gebou is, is buite afgewit. Die klei vir al die bouwerk was waarskynlik afkomstig van 'n kleigat onder in die tuin, naby die rivier. Die deure, kosyne en vensterrame van hout is aan die buitekant groen geverf en is van sederhout en Oregon dennehout gemaak (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud). Aan die twee sykante is eenvoudige sygewels en voor is 'n smal stoep wat oor die lengte van die huis strek met trappies in die middel van die stoep. Aan die linkerkant van die huis is trappe na die solder en onder die trap 'n buitetoilet. Aan die regterkant van die huis is twee badkamers en 'n opwaskamer (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

Die oorspronklike huis het uit die volgende vertrekke bestaan: 'n gang met slaapkamers wat onderskeidelik links en regs vanuit die gang loop. Die gang lei na die sitkamer waaruit daar weer aan die linkerkant 'n derde slaapkamer en aan die regterkant 'n kort gang met 'n spens lei. Die gangetjie lei ook tot die kombuis en uit die kombuis, die eetkamer. Die eetkamer, aan die voorkant van die huis, het 'n deur na die stoep. Aan die linkerkant van die huis is daar 'n buitekamer met 'n deur wat ook op die stoep open (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud). Veranderinge aan die huis was gering, die muur tussen die kort gang en die spens en die kombuis is verwyder om die kombuis te vergroot en die opwaskamer, badkamer en later 'n tweede badkamer, is aangebou (Mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Die plafonne van die vertrekke is van hout, sommige het afgewerkte balke wat saam met die plafonplanke gegreineer is, terwyl die plafonplanke en -balke by ander net geverf is. Die balke is van Oregon dennehout (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud). Die houtluike aan die binnekant van al die vensters is hoofsaaklik wit geverf en volgens mnr JN (Buks) Boltman is die vensterrame van sederhout gemaak (2009:onderhoud). Die gang en een slaapkamer het houtvloere, die ander slaapkamer wat uit die gang lei, het 'n bruin sementvloer. Die sitkamer het ook 'n bruin sementvloer en die vermoede is dat dit dalk ook vroeër 'n houtvloer gehad het aangesien die sitkamer as 'n deftige vertrek beskou is en dit dus eerder 'n houtvloer as 'n sementvloer sou hê. Die vermoede is deur mnr JN (Buks) Boltman bevestig. Hy het ook gesê dat al die houtvloere van Oregon dennehout gemaak is (2009:onderhoud). Die slaapkamer vanuit die sitkamer het 'n sementvloer maar 'n gedeelte van die oorspronklike kleivloer het nog behoue gebly. Die kleivloer in die slaapkamer is in 'n steenpatroon gemaak, waarvan elke kleisteen ongeveer 40cm X 15 cm is (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud). Volgens mev Boltman is die kleivloere

gesmeer met lym, afkomstig van botterbome wat gekook is. Die taai lym word oor die klei gesmeer en dit vorm 'n harde beskermende laag oor die klei en verskaf ook 'n mooi glans daaraan. Kerswas en lampolie saam gesmelt is ook oor die kleivloere gesmeer om dit mooi te laat blink (2003:onderhoud).

Die spens en die kombuis het vroeër perskepitvloere gehad maar het nou sementvloere. Die kleivloer van die eetkamer het nog behoue gebly maar is later met 'n tipe swart linoleum *rubbertex* bedek. Die kombuis het 'n vuurherd. Die eetkamer het ook 'n bo- en onderdeur met 'n bo-lig soos die voordeur. Die badkamers is gedeeltelik geteël en het rietplafonne (Mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Die voordeur wat in die gang open, het 'n bo- en onderdeur en het nog die oorspronklike handgemaakte slot en groot sleutel. Aan die binnekant het die deur 'n breë hout omlysting en die deur en omlysting is gegreineer. Tussen die gang en die sitkamer is daar dubbeldeure van hout en glas. Albei die vertrekke het breë donkerbruin vloerlyste en die sitkamer het breë hout vensterbanke en hout skuifraamvensters. Die houtdeure het ook die gegreinde patroon soos by die voordeur (Mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Die binnemure van die gang en die sitkamer is met dekoratiewe skilderwerk versier. Die dado het 'n gemarmerde effek, blougroen met donker are, en word omraam met geverfde bruin panele (figuur 21). Onder die geverfde bruin panele is daar 'n breë donkerbruin hout vloerlys en aan die bokant van die geverfde panele is daar soliede vertikale houtstroke met bo-kant dit 'n fries, bestaande uit 'n donker blougroen rantstrook met eenvormige blom- en blaarpatrone. Die blomme is rooi (figuur 22). Die geverfde muurpanele is in die portaal en die panele met die blom- en blaarpatrone in die sitkamer (Mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Daar word vermoed dat die muurbeskildering die werk van die Nederlander AF Bus was. Hy is een van die min skilders wat muurbeskildering gedoen het en oor wie daar enkele gegewens bekend is. Anthonie Frederik Bus is in 1838 in Amsterdam gebore en is op 25 Maart 1902 in die distrik Calvinia oorlede. Sy lewe was nou verweef met die Nieuwoudt-familie van die plaas Kromrivier in die Sederberge. Al die binnemure van die opstal van Kromrivier is oorspronklik deur Bus beskilder (Olivier 1986:27, 29).



Figuur 21: Dekoratiewe muurbeskildering: dado (Foto: M Visser 2003)

Figuur 22: Dekoratiewe muurbeskildering: randstrook (Foto: M Visser 2003)

Die vroegste dokumentasie in verband met Bus is 'n brief wat hy in 1871 aan EH Nieuwoudt van Kromrivier geskryf het. Uit die brief blyk dit dat hulle mekaar reeds vier jaar ken en dat hy steeds in die Sederberge woonagtig was. Sy spoor eindig weer by die Nieuwoudts toe hy in 1902 op die plaas Groenrivier, eiendom van HC Nieuwoudt in die distrik Calvinia, sterf (Olivier 1986:29-30).

Bus se werk het ook op die plaas Lokenberg behoue gebly. Lokenberg is aangrensend aan Sewefontein en die muurbeskildering van dié opstal asook al die greinering op die deure is ooreenstemmend met dié van Lokenburg. Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die skilderwerk deur dieselfde persoon gedoen is. Sewefontein se huis is waarskynlik tussen 1872 en 1874 gebou en die datums strook met die tyd wat Bus in die Sederberge en waarskynlik ook in die Calvinia-distrik was.

5.5.2 Waenhuis, kafhok en trapvloer (B)

Die waenhuis en kafhok vorm 'n eenheid, bestaande uit 'n lang afgewitte gebou met 'n rietdak (figuur 23). Daar is 'n deuropening en wolfente aan albei kort mure. Daar is 'n houtdeur slegs aan die kafhok se kant. Die deuropeninge het grof afgewerkte kosyne wat waarskynlik van populierhout gemaak is, aangesien daar 'n groot populierbos op die plaas was en van die hout as boumateriaal gebruik is (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud). Naby elke deuropening is daar in die lang mure 'n klein opening, waarskynlik 'n venster, hoog teen die muur, onder die dakoorhang. Die openinge is met groen geverfde houtluike bedek. Die mure van die gebou is interessant in die opsig dat die een helfte van die mure met klip gepak is en die ander helfte opgekleide mure het. Die mure aan die kafhok se kant is opgeklei en dié aan die waenhuis se kant met klip gepak. Dit laat die vermoede ontstaan dat die een deel van die gebou eers opgerig was en dat die ander deel later daaraan gevoeg is om die gebou te vergroot. Dit verklaar ook hoekom daar aan elke kant 'n deuropening en vensteropening is. Die kafhok is waarskynlik eerste gebou en die waenhuis later aangebou. Aan die binnekant is die gebou nie in twee aparte dele verdeel nie en is al die mure geklei. Die vloer van die kafhok word deur 'n klipplaat gevorm en in die waenhuis gedeelte is die vloer 'n bietjie laer as die vloer in die kafhok.

Aangrensend aan die kafhok is die trapvloer wat omring is met ‘n hout paalheining (figuur 24). Aan die buitekant van die heining is daar ‘n klipmuurtjie al op die kant van die trapvloer op die grond gebou. Die trapvloer is tans met gras oordek omdat dit nie meer gebruik word nie.

Wanneer ‘n trapvloer aangelê word, is daar verskeie faktore wat in aanmerking geneem word by die keuse van die terrein. Die trapvloer is gewoonlik gemaak waar die wind ‘n redelike sterk trek het en die ingang van die vloer is geplaas aan die kant waarvandaan die wind meestal waai sodat die muurtjie rondom die vloer nie die trek van die wind belemmer wanneer die kaf uit die koring gewan word nie. Omdat die Noordweste naby die koue Atlantiese oseaan is, waai daar gewoonlik namiddae ‘n westewind en word die bek van die trapvloer gewoonlik na die weste gemaak. Die trapvloer word ook verkieslik op ‘n terrein gemaak waar die grond redelik kleierig is omdat dit dan baie harder word en nie so gou deur die trapdiere uitgetrap word nie. Die trapvloer word ook verkieslik naby die graanlande gebou omdat dit die vervoer van die graan na die trapvloer vergemaklik (Van der Waal-Braaksma 1986:84).

Met die aanlê van ‘n trapvloer is die terrein eers gelyk gemaak en die vloer se blad dan gemaak. Indien nie kleierig genoeg nie, is daar nog klei ingery. Die klei is natgegooi en daarna is ‘n trop skape op die vloer in die rondte gejaag om die klei goed te brei en vas te trap (Van der Waal-Braaksma 1986:84; mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud). Wanneer die skape afgejaag is, was die trapvloer nog onegalig en is dit met houtblokke met stele, vasgestamp. Langs die vloer was daar gewoonlik ‘n vierkantige gat in die grond waarin bees- of skaapmis gegooi is, asook water. Soms is daar ‘n bietjie kleigrond daarby gevoeg. Die mengsel is goed deurgewerk sodat dit ‘n smeersel gevorm het. Die mengsel is dan met behulp van ‘n biesiebesem aan die trapvloer gesmeer en daarna met ‘n flodder gelyk gemaak. ‘n Flodder bestaan uit ‘n langwerpige reghoekige plank met ‘n steel. Die mis- en kleimengsel het ‘n harde laag op die trapvloer gevorm wat verhoed het dat die diere te veel stof maak as hulle die graan uitgetrap het (Van der Waal-Braaksma 1986:84,86).

Om te voorkom dat die diere die graan buite die trapvloer trap, is daar gewoonlik lang swaar klippe al om die kant van die vloer in die grond ingeplant en by die bek van die vloer is die klippe laer ingeplant en ‘n draadhek aangebring om die diere binne die trap-

Figuur 23: Waenhuis en kafhok (Foto: M Visser 2003)

Figuur 24: Kafhok met trapvloer (Foto: M Visser 2003)

vloer te hou (Van der Waal-Braaksma 1986:86). Andersins is 'n klipmuurtjie van ongeveer een meter hoog rondom die trapvloer gebou soos by die een op Sewefontein.

Wanneer daar op Sewefontein gedors is, is die gerwe op die dorsvloer of trapvloer gegooi. Die vloer is eers met beesmis gesmeer en esels, donkies of perde het die dorsvloer getrap om die koring van die kaf te skei. Die kaf is na die kafhok geneem en geberg as voer vir perde en die koring is in sakke gegooi (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

5.5.3 Hoenderhok (C)

Naby die kafhok is die hoenderhok. Dit is silindervormig gebou met 'n groen geverfde houtdeur aan die voorkant. Die dik afgewitte mure is opgeklei en die geronde dak is met sandsteenklippe gepak soos by korbeelhuise. Die deur is verdeel in 'n bo- en onderdeur en die bokant van die deur het drie openinge vir lig en lugsirkulasie. Daar is 'n skarnier tussen die bo-en onderdeur sodat die bodeur na buite kan afklap en teen die onderdeur rus. Die hoenders kan dan maklik na buite vlieg. Aan die binnekant van die hoenderhok is daar in albei die lang mure neste in die klei ingebou (Mnr JN (Buks) Boltman 2009: onderhoud).

5.5.4 Bakoond en seeppot (D)

Aan die agterkant van die huis, 'n entjie van die kombuis, is 'n wit opgekleide buitebakoond wat af en toe nog gebruik word. Bakoonde was gewoonlik nie te na aan die huis gebou nie omdat dit brandgevaar meegebring het (Van der Waal-Braaksma 1986:95). Die bakoond het twee lang en twee kort muurtjies wat skuins na bo oploop en wat eindig in 'n geronde dakkie. Dit het 'n gietysterdeur wat na bo oopklap. Volgens Van der Waal-Braaksma was die opening of bek van die oond gewoonlik aangebring vanuit die rigting waar dit vanuit die huis die maklikste bereik kon word. Die heersende windrigting is ook in gedagte gehou om te verhoed dat rook 'n hindernis sou word as daar by die bakoond gewerk word (1986:95). Onder die deurtjie is daar 'n uitgeboude plat gedeelte, dieselfde lengte as die bakoond, wat gebruik word om die broodplate op neer te sit. Volgens mnr JN (Buks) Boltman kan daar nege tot tien brode gelyktydig in die bakoond

gebak word (2009:onderhoud). Langs die bakoond staan daar ‘n groot swart seeppot van gegote yster op ‘n lae kliptafel.

5.5.5 Onderwyser se huis (E)

Dit is ‘n langwerpige afgewitte gebou met ‘n sink platdak. ‘n Platdak het ‘n eenvoudiger konstruksie as ‘n staandak gehad en heelwat minder hout benodig (Van der Waal-Braaksma 1986:55). Dit is ook makliker om op te rig.

Aan die voorkant van die huis is daar twee groen geverfde deure. Die deure loop uit op ‘n lang klipstoep wat oor die hele lengte van die gebou strek. Die fasade van die huis het aan die voorkant ’n baie effense ronding. Aan die agterkant van die huis is daar twee vensters met houtrame. Die huis het houtvloere en houtplafonne en die twee deure is van Oregon dennehout gemaak (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Dit is ‘n tweevertrek huis, met links die woonvertrek wat ook as slaapvertrek gedien het en regs die kombuis/eetkamer. Gedurende die tyd wat PJ (Kosie) Boltman en sy vrou AJL (Kotie) Boltman daar gewoon het, van 1952-1954, is daar regs voor die huis ‘n buite kookvertrek van hout gebou wat later afgebreek is. Tans word die ou huis as pakstoor gebruik (JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Aangesien die huis blykbaar gebou is as woning vir die onderwyser van die skool, is dit waarskynlik deur mnr Jacobus Nel (Kolie) Boltman gebou (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

5.5.6 Stalle (F)

Die stalle, ‘n lang afgewitte gebou met ‘n rietdak, is ver agter die woonhuis geleë. Daar is twee houtdeure aan die voorkant. Die een deur is verdeel in ‘n bo- en onderdeur en die ander deur se boonste deel het hortjies vir ventilasie en lang handgemaakte skarniere (figuur 25). Volgens Van der Waal-Braaksma dateer laasgenoemde tipe staldeur uit ongeveer 1840 (1986:47). Die twee symure het wolfentgewels en aan die linkerkant se kort muur is daar ‘n deuropening. In die lang muur aan die agterkant van die gebou is daar drie langwerpige openinge om lig in te laat en om lugsirkulasie te bevorder (figuur

26). Aangesien net die voorkant van die stalle afgewit is, is die dik opgekleide mure duidelik sigbaar aan die binnekant en agterkant van die gebou. Die dik kleimure rus op twee rye groot plat breë klippe wat help om die konstruksie van die kleimure te versterk.

Gedurende 2005 is daar 'n nuwe kleimengsel aan die mure gesit (plaaslik is die term *aangegooi* gebruik), omdat die ou kleimure plek-plek baie broos geword het en dit weer versterk moes word. Die mengsel is gemaak van twaalf dele sand, een deel klei, 'n halwe deel sement en 'n halwe deel kalk. Die ou mure is daarmee *gebag,* dit wil sê die klei is met 'n sak aan die mure gesmeer nadat dit teen die ou mure aangegooi is (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Aan die binnekant van die stalle is die konstruksie van die dak duidelik sigbaar (figuur 27). Die balke, in hierdie geval, lang reguit ronde houtpale, is op kort afstande van mekaar op die lengtemuur van die stal geplaas en by die nok van die dak aanmekaar gevoeg. Die gebou is aan die binnekant met 'n muur geskei. Ongeveer twee derdes van die gebou is as 'n waenhuis gebruik en die ander deel as stalle. Aan die stalle se kant is daar onder die dak 'n halwe plafon van hout ingesit sodat voer vir die perde daar gebêre kon word (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Daar kan nie met sekerheid bepaal word deur watter eienaar die gebou opgerig is nie. Mnr JN (Buks) Boltman is van mening dat Jan Harmse Nel dit kon gebou het, (2009:onderhoud), maar aangesien hy eers in 1871 Sewefontein gekoop het en die tipe hortjie staldeur uit ongeveer 1840 dateer (Van der Waal-Braaksma 1986:47) is dit moontlik dat dit deur een van die Kotze-eienaars gebou is.

Agter die stalle is daar 'n hoë opgekleide kraalmuur van ongeveer twintig meter in lengte (figuur 28). Twee lae klippe is vir die onderste deel van die muur gebruik om die konstruksie daarvan te versterk en bo-op die kliplaag is vier lae klei gepak.

Figuur 25: Hortjies-tipe staldeur (Foto: M Visser 2003)

Figuur 26: Agteraansig van stal (Foto: M Visser 2003)

Figuur 27: Dakkonstruksie van stal (Foto: M Visser 2003)

Figuur 28: Opgekleide kraalmuur (Foto: M Visser 2003)

5.5.7 Murasie (G)

Die murasie wat links van die woonhuis staan, is die oudste van al die geboue op die plaas (figuur 29). Dit is met 'n opgekleide muur met die skooltjie verbind. Te oordeel aan hoe grof die mure opgeklei is en hoe verweer dit is, is dit waarskynlik dat dit al in die tyd van die eerste eienaar, Thomas Arnoldus Theron, gebou kon wees. Volgens mnr PJ (Kosie) Boltman kon die huis dalk die woonhuis van Floris Kotze gewees het (2003:onderhoud).

Die murasie is die oorblyfsels van 'n eenvoudige langhuis. Gedeeltes van die lang mure kan nog gesien word, asook van die twee kort mure. Op grondvlak is daar 'n paar rye klippe gepak en die mure is bo die klippe opgeklei. Die opgekleide mure strek tot ongeveer dakhoogte maar die twee symure is met roustene heelwat hoër gebou. Volgens die vorm van die een kortmuur lyk dit asof daar 'n skoorsteen kon wees. Die kosyne van die deuropening en die rame van die vensteropening is gemaak van grof afgewerkte houtplanke (figuur 30).

5.5.8 Skooltjie (H)

Die skooltjie is links van die woonhuis geleë (figuur 31). Dit is 'n eenvertrek geboutjie, met 'n wolfent gewel en 'n rietdak. Die dik mure is van buite afgewit en is met rou kleistene gebou. Daar is 'n enkele venster wat tans 'n groen geverfde vensterraam het. Die oorspronklike houtraam is deur 'n staalraam vervang. Daar was blykbaar nog 'n venster in die kort muur met die wolfent gewel. Dit is verwyder en die opening is toegemessel. Die binnemure is afgepleister en afgewit. Die houtwerk bokant die vensterraam is grof afgewerk en die deurkosyn is gemaak van lang grofafgewerkte houtpale, waarskynlik populierhout (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

In 1980 is daar aan die voorkant van die gebou 'n vertrek aangebou wat groot afbreuk aan die geboutjie doen. Die mure is van klip en sement en die vertrek het nie 'n dak nie. Gedurende dié tyd het twee wetenskaplikes in die woonhuis gebly en is die skooltjie en die aangeboude vertrek as laboratorium gebruik waar hulle onder andere slange en spinnekoppe aangehou het (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Figuur 29: Murasie (Foto: M Visser 2003)

.

Figuur 30: Deuropening van murasie (Foto: M Visser 2003)

Dit is nie bekend wanneer die skooltjie gebou is en deur wie nie. Uit inspeksieverslae van die skool kan afgelei word dat die gebou reeds daar was toe die skool in 1927 begin het want dit word beskryf as 'n ruim kamer met 'n grondvloer en 'n strooidak. Die grondvloer is tussen 1927-1928 met *rubbertex* vervang (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1). Die inspeksieverslag van 1938 dui aan dat die skoolkamer swak verlig was en die 1939-verslag meld: *aan begin van die week het leerlinge na 'n ander kamer oorgetrek. Dit het 'n behoorlike vloer en plafon en die lig is heelwat beter* (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 2). Ongelukkig is daar nie 'n aanduiding van waar die ander kamer geleë was nie, maar dit kon dalk in die gebou wat as die *onderwyser se huis* bekend staan, wees. Volgens die inspeksieverslag van 2 September 1941 is daar gedurende 1941 verbeteringe aan die oorspronklike ou skooltjie aangebring. Die klein venster is deur 'n groot skuifraamvenster vervang, 'n ekstra venster en 'n nuwe deur is ingesit asook 'n plankvloer. Gedurende Julie of Augustus van 1942 het die leerlinge weer *oorgetrek na die vorige klaskamer. Dit het 'n behoorlike vloer en plafon en is naby die woonhuis* (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 2).

5.6 Daaglikse lewe op Sewefontein

5.6.1 Agtergrond

Gedurende die eerste jare van die agtiende eeu het die veeboere noordwaarts getrek en teen ongeveer 1728 het die trek oor die Olifantskloof in die Bokkeveldsberge en oor Mostertshoek in die Witzenberge na die Koue en Warm Bokkeveld begin (Van der Merwe 1938:133,135). Uitbreiding na die noorde was stadig want vir die veeboere was water en weiding van groot belang. Die reënval was gering en daar was nie oral standhoudende oop water nie. Tog het die veeboere teen ongeveer 1725 die gebied van die teenswoordige distrik Clanwilliam en voor 1730 die Bokkeveld bereik (Smit 1946:2). Namate die veeboere hulle meer permanent in 'n gebied gevestig het, het hulle weilisensies aangevra en is daar ook leningsplase aan hulle toegeken. Onder die leningsplaasstelsel is grond aan die boere in bruikleen gegee (Van der Waal-Braaksma 1986:20).

Die leningsplaasstelsel is in 1813 afgeskaf en vervang met die ewigdurende erfpagstelsel. Daarvolgens kon boere wat leningsplase besit het, aansoek doen om hul plase in ewigdurende erfpag te besit. Die plase moes opgemeet, gekarteer en op die eienaar se

Figuur 31: Skooltjie (Foto: M Visser 2003)

naam getransporteer word. Teen 1840 het die Kaapse goewerneur heelwat aansoeke vanuit die Noordweste ontvang en is baie plase aan boere toegeken (Van der Waal-Braaksma 1986:20-21).

Weens 'n gebrek aan historiese dokumentasie is dit moeilik om presies vas te stel wanneer die plaas Sewefontein tot stand gekom het en wat die daaglikse lewenswyse van sy bewoners was. Tog kan daar uit bestaande bronne wel gepoog word om 'n beeld op te bou van die leefwyse van die bewoners van die plaas vanaf die agtiende eeu tot tans. Mondelinge oorlewerings, alhoewel dit nie altyd betroubaar is nie, dra ook by, saam met historiese dokumentasie, tot die poging om die leefwyse van die plaasbewoners te herskep. In die geval van Sewefontein is inligting oor die plaas en sy bewoners redelik beskikbaar vanaf die jare toe die Nels die plaas in besit gehad het (1871-) asook in die twintigste eeu toe dit in besit van die Boltmans gekom het.

5.6.2 Plaasaktiwiteite

Gedurende die agtiende eeu het die boere in die binneland 'n lewe van afsondering en armoede gevoer. Afstande was groot, paaie was daar weinig en die wat nog daar was, was haas onbegaanbaar. Reise moes met 'n wa en osse aangepak word en daar kon op die meeste, in 'n vier-en-twintig uur tydsduur, ongeveer agt-en-veertig myl afgelê word (Van der Merwe 1938:195-197).

Daar was geen plaaslike markte gedurende die agtiende eeu en die beginjare van die negentiende eeu nie. Beperkte ruilhandel in spesiale produkte soos brandewyn, tabak, droëvrugte en graan het af en toe plaasgevind. Die boer moes dus so onafhanklik as moontlik lewe. Hy moes boer en ook 'n messelaar, timmerman, smit, wamaker, skoenmaker en transportryer wees (Van der Merwe 1938:198; 203). Dit kan dus aanvaar word dat die eerste boere van Sewefontein ook so 'n selfstandige selfversorgende eenheid gevorm het.

Met sewe fonteine op die werf was daar geen tekort aan water nie en reeds in die tyd van Jan Harmse Nel (1871) was daar 'n pragtige groentetuin en vrugteboord (Nel gd:hoofstuk 5:4). Jacobus Nel (Kolie) Boltman was ook 'n baie suksesvolle tuinier en bekend vir sy welige groot groentetuin en vrugteboord. Daar was vrugtebome van alle soorte: appels,

pere, appelkose, perskes, lemoene, nartjies, druiwe, pruime, asook 'n lang kweperlaning. Daar was amandelbome asook granaat- en kastaiingbome. Hy het ook aarbeie, spanspek en waatlemoene geplant. Onder die groentesoorte was daar kropslaai, wortels, groenboontjies, tamaties, komkommer, pampoen, uie, aartappels en mielies. Groente is deur JN (Kolie) Boltman volgens die stand van die maan geplant. Wanneer die maan gegroei het, het hy groente wat bo-gronds dra soos kool, boontjies, tamaties en pampoen geplant. Wanneer die maan afgeneem het, het hy groente wat ondergronds dra soos beet, wortels, uie en aartappels geplant (mev AJLK (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Op die werf was daar hoenders, ganse en eende wat gereeld geslag is. Die pluimvee was 'n bron van vleis, daar is in eiers voorsien en die dons van die eende is gebruik om donskomberse te vul. Die vleisvoorraad is aangevul met bees, skaap- of varkvleis en soms is daar gejag en 'n duiker geskiet (mev AJL (Kotie) Boltman 2008: onderhoud).

Die boervroue van die plaas het vele aktiwiteite in en om die huis gehad. Beesvleis en wildsvleis is verwerk en biltong is gemaak. Die vleis is gewoonlik in die donker koel spens opgehang om droog te word en voordat daar 'n yskas en vrieskas in die woonhuis was, is die vleis bedags in 'n vleiskas, gemaak van sifdraad, gehang. Die kas is buite in 'n koel plek opgehang en die vleis is in 'n skottel toegemaak onder 'n *vleiskombers* (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

Melk is gebruik om te drink en die room is gewoonlik gebruik in gebak en nagereg. *Skuinskoek* is van die gebak wat eie is aan daardie kontrei. Botter is gemaak en in erdepotte in die koel spens gebêre. 'n Wit linneslopie, gevul met sout, is bo-op die botter in die erdepotte geplaas. Dit het verhoed dat die botter galsterig word en die sout het die botter vars gehou. Brood is buite in die bakoond gebak en 'n hele paar brode is gelyktydig in die oond gesteek (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud)

Die koeldrank wat op warm dae gedrink is, was koringbier, suurlemoenstroop of heuningbier. Vrugte wat nie dadelik geëet kon word nie, is verwerk, konfyt en jam is gekook en vrugte is gedroog om saam met styselkos bedien te word. Groente soos uieringe, pampoenskywe en gesnipperde groenbone is gedroog vir latere gebruik. Koffiepitte is gebrand en gemaal vir gebruik en rooibostee is geoes en gedrink (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Volgens oorlewering het een van Jan Harmse Nel se seuns en een van sy skoonseuns 'n stookketel in die groot populierbos op die plaas gehad. Hulle het van perskes, druiwe en turksvye witblits gestook soos die verskillende vrugte ryp geword het en daar van die vrugte oorgebly het nadat konfyt gekook, ingelegde vrugte gemaak en die vrugte gedroog is. Die praktyk het tot 'n einde gekom toe die een broer besef het dat die *predikantjies*, dit wil sê die klein sopies witblits, te lekker raak en dat dit gewoontevormend word (Nel gd:hoofstuk 5.3).

Kommersieel is daar koring gesaai en met skape en bokke geboer. Die Boltmans bedryf tans 'n gemengde boerdery; koring word in 'n mindere mate verbou, rooibostee word op groot skaal aangeplant en daar word ook met skape geboer (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Volgens mev AJL (Kotie) Boltman het die Nels 'n groot hoeveelheid perde gehad en het hulle kopers van oraloor gelok (2008:onderhoud). Die teel van perde, muile en donkies was lonend omdat hulle noodsaaklike pak- en rydiere was voor die koms van motors. Graan is met 'n wa en perde vervoer en voor die koms van telefone is boodskappe te perd oorgedra. Naby die opstal, by die rivierloop onder 'n holkrans, was daar in die neëntiende eeu 'n smidswinkel. Die smidswinkel was 'n noodsaaklikheid op die plaas aangesien die perde se hoewe gereeld beslaan moes word en daar perdekarre of waens herstel moes word (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud). Motors is eers vanaf ongeveer 1940-1950 op die plaas gebruik; voor dié tyd is 'n kapkar as vervoermiddel gebruik (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

5.6.3 Geestelike kultuur

Aangesien geestelike kultuur so 'n wye veld dek, sal daar net op 'n paar fasette daarvan gekonsentreer word, hoofsaaklik soos dit in die neëntiende en die twintigste eeu ervaar is en op die plaas beoefen is.

5.6.3.1 Lewensiklus

5 6.3.1.1 Geboorte en doop

Voor die koms van die passasiersmotor wat vinnige vervoer dorp toe verseker het en die beskikbaarheid van 'n hospitaal op die dorp, is kinders op die plaas gebore. Indien moontlik is 'n vroedvrou van die dorp gekry, so nie vanuit die omgewing. Die beskikbaarheid van die vroedvrou of die dokter het dikwels afgehang van hoe ver van die dorp die mense gebly het. Waar daar nog nie 'n motor op die plaas beskikbaar was nie, moes die vroedvrou betyds met 'n perdekar gehaal word. 'n Vroedvrou is daarom dus lank voor die tyd bespreek indien sy van die dorp na die plaas moes kom en het ongeveer 'n week voor die verwagte geboorte haar intrek in die huis geneem. Sy het soms tot drie weke na die kind se geboorte aangebly om met die versorging van die moeder en kind te help (Grobbelaar ea 1977:185). Moeders het gewoonlik tien dae na die baba se geboorte in die bed gebly, dus was die vroedvrou tot groot hulp (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud). Vroedvroue het geen professionele opleiding gehad nie, maar het 'n onontbeerlike diens gelewer.

Gedurende die neëntiende eeu is kinders op die dorp gedoop tydens nagmaal wanneer die hele gesin vir nagmaalsvierings dorp toe gegaan het. Kinders was dikwels al 'n hele paar maande oud voordat hulle gedoop is (Grobbelaar ea 1977:189-190). Gedurende die twintigste eeu het dit gebruik geword om kinders op die eerste Sondag van 'n maand te doop. Nie net dogters nie maar ook seuns het dooprokke gedra. Daar is nie dikwels doopgeskenke gegee nie maar dit was belangrik dat elke kind peetouers moes hê wat na 'n kind sou omsien indien sy ouers op 'n vroeë ouderdom sou sterf (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.1.2 Huwelik

Nadat 'n paartjie *ouers gevra* het, dit wil sê hulle ouers se toestemming gevra en goedkeuring gekry het om te trou, is die huweliksgebooie vir drie agtereenvolgende Sondae in die kerk bekend gemaak. Die huweliksbevestiging het gewoonlik op 'n Saterdag plaasgevind en was 'n groot belangrike geleentheid (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

In die vroeë twintigste eeu was dit mode dat die huwelikspaar 'n groot gevolg sou hê. Dikwels was daar drie strooijonkers, drie strooimeisies, drie hofknapies en drie blommemeisies. Die bruid was altyd geklee in 'n lang wit rok en die bruidegom in 'n deftige swart pak klere (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud). In die laaste dekade van die negentiende eeu tot die eerste dekade van die twintigste eeu was swart trourokke egter hoogmode (Grobbelaar ea 1977:byskrif foto 28).

Die huweliksonthaal was 'n vrolike sosiale gebeurtenis waar familie en vriende kon kuier, eet en gesels. Die jongmense het gewoonlik musiek gemaak en gedans. By 'n plaasbruilof is die dans in die skuur gehou (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud). 'n Vrolike onderdeel van 'n plaastroue was die vlagryery wat geskied het terwyl 'n groep ruiters die bruidskar op pad van die dorp af ingewag het. Met die aankoms van die bruidskar het die man met die vlag vinnig weggery en moes die ander ruiters die vlag by hom probeer afneem (Grobbelaar ea 1977:byskrif foto 24). 'n Ander gebruik was om die bruidsmotor met vreugdeskote te begroet. Die geraasmakery was 'n Oud-Germaanse huweliksgebruik wat as vrugbaarheidsgebruik gesien is (Grobbelaar ea 1977:157-158). In die twintigste eeu het die gebruik posgevat om ou skoene en blikke wat 'n geraas kan maak, agter die bruidsmotor vas te maak.

Geskenke is deur die gaste aan die bruidspaar gegee. Dikwels het die vaders van die bruid en die bruidegom aanteelvee, wat hoofsaaklik uit verse en koeie bestaan het, as huweliksgeskenk aan hulle kinders gegee. Dit het hulle in staat gestel om dadelik met hulle eie boerdery te begin (Grobbelaar ea 1977:158).

5.6.3.1.3 Dood en begrafnis

Na 'n sterfte is daar 'n boodskapper te perd met 'n begrafnisbriefie na die buurplase gestuur om almal van die persoon se dood te verwittig en ook om die begrafnistyd bekend te maak. Met die koms van die telefoon het die gebruik oorbodig geraak (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Daar is 'n paar grafte van die Nel-familie op Sewefontein maar daar is geen ommuurde familiekerkhof nie. Die grafte op die plaas het meestal regop sandsteen grafstene en die bewoording is met 'n beiteltjie daarop aangebring. Die grafte is met klippe toegepak.

Vanaf die twintigste eeu is oorledenes in die dorp se begraafplaas begrawe (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.2 Onderwys

Tot diep in die neëntiende eeu was skole op die platteland amper onbekend. In gebiede soos die Noordweste was die plase groot en ver van mekaar geleë en die ouers het hul kinders nodig gehad om hulle op die plase te help. Daar het hier en daar dorpskooltjies ontstaan maar die onderwys wat plaaskinders gekry het, was gewoonlik van rondswerwende skoolmeesters wat die ouers self moes huur. Die onderwysers het gewoonlik van plaas tot plaas beweeg en selde langer as 'n jaar op dieselfde plek gebly. Dikwels was die sogenaamde onderwysers ontslane matrose of soldate wat self net kon lees en skryf (Van der Merwe 1938:245-246). Grobbelaar wys daarop dat *matroos* en *soldaat* algemene range in die Kompanjiesdiens was en dat dié persone klerke of vakmanne kon wees en nie noodwendig ontslane matrose of soldate nie. Die Kompanjie het soms van die amptenare 'n ruk van diens vrygestel sodat hulle onderrig op die platteland kon gaan gee. Waar niemand as onderwyser gevind kon word nie, moes die ouers maar die kinders leer (1992:11-12).

Afgesien van die gebrek aan goed opgeleide onderwysers was daar ook 'n skaarste aan skool- en leesboeke. Beginners het die *ABC-boek* gebruik en daarna het die *AB-jab* boek gevolg. Dit het woorde van twee lettergrepe bevat. Daarna het die bekende *Trap der Jeugd* gevolg (Van der Merwe 1938:246). Die seuns was dikwels die veewagters en hulle moes maar die leesboeke saamvat veld toe en daar leer (Grobbelaar 1992:16). Kinders is gewoonlik net geleer om te lees, te skryf en te reken. Skryflesse was baie elementêr omdat baie volwassenes self nie goed kon skryf nie. Letters is bloot gekopieër, so goed soos hulle kon. Min aandag is aan rekenkunde gegee. Die kinders het die syfers leer skryf en eenvoudige somme gedoen, maar hulle hoofrekene was uitstekend. Hulle het ook 'n bietjie godsdiensonderrig ontvang. Nadat die skoolles verby was, is huisgodsdiens gehou. Elke kind in die gesin moes sê wat hy of sy van die hoofstuk onthou wat die vader gelees het. Daarna het die vader die hoofstuk met die kinders behandel en gedeeltes wat hulle nie goed verstaan het nie, probeer verduidelik (Grobbelaar 1992:17). Ouers was gesteld daarop dat hul kinders ten minste die minimum onderwys moes ontvang. Hoewel

plattelandse kinders dus nie eintlik gevorderde onderwys ontvang het nie, was hulle nie analfabete nie (Van der Merwe 1938:246-247).

Volgens Nel het sy vader op Sewefontein skool gegaan. Hy is in 1888 gebore en daar kan dus aangeneem word dat sy skoolopleiding ook dalk eerder elementêr in plaas van gevorderd sou wees. Nel wys daarop dat sy vader vertel het dat hulle woorde op 'n ander wyse leer spel het as vandag: hulle het byvoorbeeld die woord *mes* gespel as *mee-ee-s* (gd:hoofstuk 4.15; gd: hoofstuk 5.3).

Vanaf 1927 het al die omliggende plase se kinders het na Sewefontein se plaasskool gegaan. Die skoolgebeure word deur een van Jan Harmse Nel se kleindogters, Jeanetta Nel-Wathall, in 'n fiktiewe verhaal in haar boek *Teen 'n rotswand uitgekap* beskryf. Sy vertel dat die skoolmeester, Hancke, van Hollandse afkoms was. Sy vergoeding was twee pond tien sjielings en een skaap per kwartaal. Hy het gratis weiding vir sy skape gekry en hyself het ook gratis kos en huisvesting gekry (Wathall 1954:6,14). Die kinders het met leie en griffies geskryf. Meester Hancke het elke skooldag begin deur uit die Bybel te lees en daarna is die *Morgengezang* gesing. Die kinders het gelees uit *Trap der Jeugd* (Wathall 1954:32-34).

Gedurende die eerste paar dekades van die twintigste eeu het onderwys op die platteland heelwat verbeter. Sewefontein het 'n primêre skool gehad wat begin het met drie-en-twintig leerlinge vanuit die omgewing. Die eerste onderwyser was Hans Jacob Vermeulen. Hy is in 1929 opgevolg deur Jacobus Johannes Wiese (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1).

Benewens die verskillende vakke wat aangebied is deur die voertaal Hollands, is daar ook klas gegee in godsdiensonderrig en kategese. Die kategese onderrig is in 1929 gestaak. Vanaf 1933 is op die inspeksieverslae van die skool aangedui dat onderrig in Afrikaans geskied het en nie meer in Hollands nie (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1). Die volgende vakke is onder meer aangebied: Engels, Afrikaans, sang, liggaamsopvoeding, rekeningkunde, gesondheidsleer en geskiedenis. Die aanbied van Engels as vak het soms probleme veroorsaak; gedurende 1930-1931 was daar twee leerlinge wat nie Engelse klasse begewoon het nie omdat hulle deur hul ouers verbied is. Daar was ook 'n paar leerlinge wie se rekeningkunde drasties moes verbeter (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1). Kinders het tot met standerd ses die skool bygewoon, vir standerd sewe en agt het hulle

na die skool op Nieuwoudtville gegaan en standerd nege en tien na die skool op Calvinia (Mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

Vanaf die skool se ontstaan was daar 'n skoolbiblioteek en teen 1933 was daar 135 boeke in voorraad. Twee derdes van die boeke was in Engels en een derde in Afrikaans. Daar is voorsiening gemaak vir die ontvang van 'n weekblad, om sodoende 'n gesonde leeslus by die leerlinge aan te wakker (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1 & 2).

Uit die verskillende inspeksieverslae blyk dit duidelik dat die leerlinge goed gevaar het in die skool en dat hulle belangstelling in hul skoolwerk getoon het. Hulle vordering was so goed dat drie leerlinge twee standerds in een jaar geslaag het in 1929 en die inspekteur aangedui het dat die skool maklik as een van die bestes in die omgewing beskou kon word (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1).

Die aantal kinders wat op Sewefontein skoolgegaan het, was altyd om en by twintig. Die meeste van hulle het op die plaas loseer en slegs naweke huis toe gegaan, aangesien hulle ouers geen vervoertoelaes van die staat ontvang het nie. Leerlinge het wel losiestoelaes van die staat ontvang en daar is ook voorsiening gemaak vir 'n staatsondersteunde kaas- en melkskema (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 1 & 2).

Volgens mnr PJ (Kosie) Boltman moes die skoolkinders namiddae met huis- en plaaswerkies help en het die inspekteur ook aanbeveel dat die seuns moes help met die verbouing van groente (2003:onderhoud).

Die huisouers was die plaaseienaar, mnr en mev Jacobus Nel (Kolie) Boltman en sy vrou (Mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud). Volgens die inspekteursverslae van 1944-1945 het die huisouers die opvoedkundige waarde van 'n goeie skool besef en het hulle 'n woord van dank verdien vir die wyse waarop hulle leerlinge wat by hulle ingewoon het, teen geringe betaling versorg en help opvoed het (KAB PAE 1390:C30/583/ER Deel 3).

Die skool op Sewefontein het gedy onder die hande van sy bekwame onderwysers. Mnr JJ Wiese was aan die hoof van die skool vanaf 1929 tot 1940. Aan die begin van die tweede kwartaal van 1940 het hy egter met 'n aantal van die leerlinge en 'n deel van die skooltoerusting verhuis na sy plaas, Skoonsig, waar hy sy eie skool geopen het (KAB PAE

599:C30/583/ER Deel 2). Hy is opgevolg deur mnr SP Smit en in 1942 deur mnr JH Smit (KAB PAE 599:C30/583/ER Deel 2). Die inspekteursverslae het steeds melding gemaak van die aangename gees in die skool, die ywerige leerlinge en die baie bekwame onderwysers wat werk van hoë gehalte gelewer het. Weens dalende leerlingtalle moes die skool egter op 31 Desember 1946 sluit (KAB PAE 1390:C30/583/ER Deel 3).

5 6.3.3 Volkswoordkuns

5.6.3.3.1 Plekname

Die volgende plekname is in die omgewing opgeteken: Koppie se land, Middelberg, Latboshoek, Withoogte, Rooiklip se rus, Boela se water en Daap se drif. Hierdie name is beskrywend van die omgewing byvoorbeeld Middelberg en Withoogte of van een of ander gebeurtenis wat daar plaasgevind het. Die naamgewing is belangrik omdat persone van die omgewing dan presies sal weet van watter deel van die plaas of die omgewing gepraat word (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.3.2 Persoonsname

Die tradisie van familiename is veral in die vroegste geslagte streng nagevolg en onder die boerebevolking was dit vir ‘n familie belangrik dat ‘n plaas geslagte lank onder dieselfde familienaam bly. Tradisioneel kry die eersgebore seun die name van die oupa aan vaderskant, die tweede seun die name van die oupa aan moederskant en die derde seun die name van die vader. Die eerste, derde, vyfde en sewende seun sou na vaderskant vernoem word, terwyl die gelyke getalle na moederskant vernoem sou word. Met dogters het die teenoorgestelde plaasgevind (Grobbelaar ea 1977:189). Dit bring mee dat daar in dieselfde omgewing ‘n hele klomp mense kon wees wat dieselfde doop- en familienaam dra. Om verwarring uit te skakel word daar byname gegee. So is daar onder die Boltmans ‘n Rooi Kolie en ‘n Vaal Kolie. Die werkers van die plaas gee ook beskrywende byname aan mekaar, byvoorbeeld Mias Platkop en Willem Slak (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.4 Geloof

5.6.3.4.1 Kerkgeloof

Weens die afstand dorp toe en die paaie wat nie altyd in ‘n goeie toestand was nie, is eredienste in die dorp nie gereeld bygewoon nie, maar daar is gereeld huisgodsdiens gehou en saans na ete is in die eetkamer boekegevat. Met die koms van die radio is elke Sondagoggend, sonder uitsondering, na die radiodiens geluister. Huiswerk moes so ingeruim word dat almal, klein en groot, ook die plaasvolk wat in die huis werksaam was, na die diens moes kom luister. Almal het in die sitkamer bymekaar gekom. Vir Nagmaalviering, doop- en huwelikspleg tighede is daar na die kerk op Nieuwoudtville gegaan (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.4.2 Volksgeloof

In die bruin gemeenskap van die omgewing is daar nog baie bygelowe. Hulle glo nog in die waterbas of waterslang. Die waterbas het ‘n ster op sy voorkop en is die belangrikste van die nie-menslike watergeeste (Grobbelaar ea 1977:17). As die son ondergaan, kom hy uit die water om snags te wei. Die waterslang is vir almal wat naby hom kom ‘n gevaar omdat hy sy slagoffer in die water intrek en hulle dan verdrink. Verdere bygelowe oor slange sluit die volgende in: dat slange koeie se uiers uitsuip, dat pasgebore pofadders hul ouers doodpik, dat pofadders nie vorentoe nie maar agtertoe pik, dat swart mambas hul sterte in hul bekke vasbyt en dan agter hulle prooi aanrol (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Nog ‘n geesverskynsel is die *haarskeer,* ‘n harige gedierte met lang knypers. Terwyl ‘n persoon slaap, word sy hare deur die haarskeer stomp op sy kop afgeskeer. Ander bygelowe sluit in koggelmanders wat op die kraalmure spring en dan op ‘n bok of skaap spring en hulle doodbyt (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

5.6.3.5 Volkswetenskap

5.6.3.5.1 Volksgeneeskunde

Die geneeskunde is ‘n onvervangbare deel van elke volk se kultuur omdat dit uit die mens se blywende nood spruit: sy begeerte om te lewe, en dus ‘n behoefte aan beskerming teen ongesteldheid en die dood. Deur die eeue het twee duidelike strominge in die geneeskunde ontwikkel: die volksgeneeskunde en die akademiese geneeskunde (Grobbelaar ea 1977:117). Volksgeneeskunde is die tradisionele opvattinge oor siekte en genesing en sluit enige middel, behandeling of rituele handeling in wat uitgevoer word as gevolg van volksoorlewering of volkstradisie. Dit word deur leke aangewend met die doel om siektes te verhoed of te genees en middels word as gevolg van oorlewering toegepas (Grobbelaar ea 1977:117).

In Suid-Afrika was daar vanaf die koms van die Europeërs na die Kaap ‘n tekort aan geneeshere. Dit was een van die faktore wat tot die aanwending van volksgeneesmiddels gelei het. ‘n Ander faktor was die groot afstande tussen plase en die dorpe, wat dit moeilik gemaak het om ‘n geneesheer te bereik. Die inheemse plantegroei sluit baie kruie-soorte in wat as geneesmiddels deur die inboorlinge gebruik is (Grobbelaar ea 1977:119-121).

‘n Paar van die boererate soos dit in die Nieuwoudtville- en Calvinia-distrikte gebruik is, is soos volg opgeteken:

- fyt: gooi as in kookwater en hou vinger in die water
- griep: hang uie of knoffel aan die plafon van die huis
- hoes: die geel van een eier gemeng met heuning is goed vir hoes en borskwale
- inflammasie: maak ‘n meelpap aan deur meel met roulynolie te meng, sit dit op ‘n flennielap en plaas dit soos ‘n pleister op die inflammasiebors
- steek in die oor: knoffel fyngemaak in soetolie moet in die oor gedrup word (SKN VW CALV I,VI).
- doring in voete: doring kan met varkspek uitgetrek word (SKN VW NIE I).

Van die rate word nog toegepas deur lede van die bruin gemeenskap wat op plase ver van die dorp woon en dus nie so maklik 'n geneesheer kan besoek nie (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Langs die smidswinkel by die rivierloop, onder die holkrans, is daar tans nog groot hoeveelhede *dassiepis*, ook genoem *klipsweet* (dit is die urine van dassies) te sien (figuur 32). Dassies produseer baie gekonsentreerde urine en dit word uitgeskei in die vorm van onoplosbare kalsiumkarbonaat. Omdat die dassies almal op dieselfde plek urineer, is daar 'n opeenhoping van die klipsweet wat 'n taai, bruinswart blink teeragtige neerslag vorm. Dassies eet baie kruie en daar was die geloof dat die klipsweet dus kruie in hoogs gekonsentreerde vorm sou bevat en dit medisinale waarde sou hê (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud). Mnr PJ (Kosie) Boltman onthou dat sy vader Jacobus Nel (Kolie) Boltman vir jare lank sakke vol van die klipsweet aan die firma Heynes Mathew van Kaapstad gelewer het. Dit is as 'n bestanddeel gebruik in die maak van Hollandse medisyne. Die bekende apteek was in Kaapstad vanaf minstens 1937 tot 1973 (*Cape Times Peninsula directory* 1937:768; 1973:957).

5.6.3.5.2 Volksweerkunde

Vanaf die vroegste tye speel weergesteldheid 'n belangrike rol in mense se lewens. Boere was tradisioneel dié deel van die gemeenskap wat die meeste aan weersgesteldhede blootgestel was. Hulle bring nie net baie tyd in die buitelug deur nie, maar ook ter wille van produkte wat geoes en verwerk is en nie onderdak geberg kan word nie en komende oeste, is dit vir hulle belangrik om die weer te kan voorspel (Burden 1994:74). In Suid-Afrika wat arm is aan water, word daar, veral deur die boere, altyd na tekens van reën gesoek. *Mooi weer* is vir die boer die tyd wanneer die reënwolke opkom en daar duidelike tekens is dat dit gaan reën (Grobbelaar ea 1977:107). Op 'n plaas waar geboer word en reën, of die gebrek daaraan, so 'n deurslaggewende rol speel, is dit te verstane dat daar ook heelwat bygelowe en voorspellings oor die weer sal wees.

Op Sewefontein word die weerstoestande van die eerste twaalf dae van Januarie van elke jaar noukeurig dopgehou en neergeskryf om sodoende die weer van die twaalf maande van die jaar te voorspel (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud). Die beginsel heet parallelisme (Burden 1994:75). Sou die wind byvoorbeeld op 6 Januarie die grootste deel

Figuur 32: Holkrans met klipsweet (Foto: M Visser 2003)

van die dag waai, dan gaan Junie ‘n winderige maand wees. Hierdie beginsel kan nie oral toegepas word nie want in die Skiereiland en Boland byvoorbeeld, sou dit beteken dat dit elke jaar op 5,6,7 en 8 Januarie moet reën om die Kaapse winterreëns korrek te voorspel (Burden 1994:75).

Diere, voëls en insekte het ‘n aanvoeling vir weersverandering en hulle reaksies word fyn dopgehou om te voorspel of dit gaan reën. Die gedrag van diere kan gekoppel word aan die Bybel, spesifiek aan die sondvloed; hulle vlug na hoërliggende dele as dit gaan reën omdat hulle bang is dat hulle sal verdrink (Grobbelaar ea 1977:109). As skape en bokke hul koppe aanhoudend skud sodat hulle ore klap, as miere hul neste heeltemal toepak en as duisendpote en skilpaaie baie rondbeweeg, is reën oppad (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Voëls word dopgehou om te bepaal of dit gaan reën. As die korhaan vroeg in die oggend roep en die vinke hulle neste hoog bokant die water bou, gaan dit reën. Insekte is goeie weervoorspellers; naaldekokers en vlieë wat swaar op die vlerk of *lui* is, en ‘n groenstinkbesie wat in die huis beland, voorspel reën (Grobbelaar ea 1977:110; mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Dierehandelinge voorspel nie net reën nie, maar ook wind. As ‘n perd se sterthare ooptrek, as jong varkies speel en skilpaaie agter bossies skuil, gaan die wind waai (Grobbelaar ea 1977:110). Miere wat ‘n skermpie van klein stukkies blaartjies of stokkies om hul neste bou, se handeling voorspel ook dat die wind gaan waai (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

Ten opsigte van donderweer is daar ook heelwat gelowe. Spieëls moet met ‘n doek toegemaak word, ‘n persoon moet nie onder ‘n boom staan nie en ook nie in ‘n oop deur nie en daar moet saggies gepraat word om ontsag vir die donderweer te wys (mev AJL (Kotie) Boltman 2003:onderhoud).

5.7 Samevatting

Soos by hoofstuk 4 is hier ook klem gelê op die genealogie en geskiedenis van die twee families wat Sewefontein die langste besit het, naamlik, die Nel-familie en die Boltman-

familie. Eienaarskap van plase is vir die eienaars van groot belang, veral waar die plase geslagte lank in een familie se besit is. 'n Studie soos hierdie help om die familiegeskiedenis vir die betrokke nageslagte te bewaar. Deur middel van 'n genealogiese ondersoek, soos hier gedoen, word interessanthede en soms foute blootgelê. Hier is byvoorbeeld vasgestel dat Jacobus (Koos Kommandant) Nel twee-en-twintig kinders gehad het en nie sestien soos in genealogiese bronne beweer word nie. Vir plaastoerisme is dié tipe inligting van belang aangesien baie plaaslike toeriste groot belangstelling in genealogie toon en dit dan vir die plaaseienaar moontlik is om sy familiegeskiedenis uit te lê.

Die breedvoerige omskrywing van die werf en geboue is van groot nut by plaastoerisme. Die inligting wat so verskaf word, verleen 'n ekstra dimensie aan die paket wat aan die toeris gebied word. Die tipe toeris wat van 'n plaasvakansie hou, stel belang in sy omgewing en in die plek waar hy bly: hy wil meer weet oor die geskiedenis van sy verblyfomgewing.

Die inligting wat onder geestelike kultuur aangebied word, kan ook goed by plaastoerisme gebruik word. Die tipe inligting wek belangstelling by oorsese toeriste wat meer van Suid-Afrika, sy mense en hulle kultuurgebruike wil weet. Voorstelle vir die toepassing hiervan word in hoofstuk 6 behandel.

HOOFSTUK 6

TOEPASSING VAN DIE NORMESISTEEM

6.1 Inleiding

Noudat die plase Soutpan en Sewefontein, sowel as die dorpe en distrikte van Calvinia en Nieuwoudtville geëvalueer is, kan hulle bates aan die normesisteem van Fausnaugh, soos in hoofstuk 1.8 uiteengesit, gemeet word. Die normesisteem van Fausnaugh is op Australiese toerisme gebaseer, maar dit kan effektief in die Suid-Afrikaanse konteks toegepas word.

Hierdie norme kan in twee groepe verdeel word:

a) Regionale karakteristieke wat die volgende insluit: natuurlike skoonheid van die omgewing, kulturele en sosiale karakteristieke, sport en ontspanningsfasiliteite, kommersiële fasiliteite, openbare infrastruktuur, houding teenoor toeriste, toeganklikheid tot ‘n streek en bestaande infrastruktuur vir toerisme

b) Kenmerke van die betrokke plaas wat die volgende insluit: natuurlike eienskappe van die plaas, geboue en kulturele artefakte en infrastruktuur en menslike hulpbronne.

6.2 Regionale norme

6.2.1 Natuurlike skoonheid van die omgewing

Is daar natuurskoon wat berge, kranse, ravyne en interessante rotsformasies insluit, en is daar ‘n verskeidenheid fauna en flora? Wild en die voorsiening van watersport in ‘n waterryke omgewing, verhoog die aantreklikheid van die omgewing.

Die plaas Sewefontein is in die Nieuwoudtville omgewing geleë en Soutpan in die Calvinia-distrik. Nieuwoudtville is geleë in ‘n gebied wat ryk is aan natuurlike skoonheid en bied in dié opsig heelwat aan die toeris.

Die dorp lê op die Bokkeveldplato wat as een van die wêreld se mooiste veldblomstreke beskou word (Manning & Goldblatt 1999:11). Die geologie van die Bokkeveldplato gee oorsprong aan verskillende grondtipes wat weer ‘n verskeidenheid plantegroei tot gevolg het. Die groot verskeidenheid plantspesies, waarvan ‘n groot deel endemies is, lok jaarliks toeriste en botaniste plaaslik en van oor die wêreld na Nieuwoudtville (Manning & Goldblatt 1999:12-13).

Ongeveer tien kilometer suid van Nieuwoudtville is daar gletserspore op die plaas Oorlogskloof te sien. Die terrein waar die gletserspore gevind word, is omtrent een vierkante kilometer groot en lok groot belangstelling onder geoloë uit (Theron & Thamm 1990:33). Die gletserspore is deur bewegende ys, waarin rotsblokke en spoelklippe vasgevang was, nagelaat (Brosjure: *Oorlogskloof-gletservloer*).

By Gannabos, ongeveer twintig kilometer buite die dorp, op die Loeriesfonteinpad is daar ‘n kokerboomwoud (*Aloe dichotoma*). Dit is die mees suidelike gebied waar die plante voorkom en van die grootste kokerbome in Suid-Afrika word hier gevind (Erasmus 1995:338).

Die Nieuwoudtville Veldblomreservaat is sowat twee kilometer buite die dorp op die Bokkeveldplatorand geleë (Snijman ea 1987:445). Die Veldblomreservaat is in 1974 geproklameer met die doel om die unieke flora van die omgewing te bewaar (Snijman ea 1987:446). Dit is 115 hektaar groot en meer as driehonderd inheemse plantspesies, waarvan sommige endemies is, word hier aangetref (Erasmus 1995:338).

Sewe kilometer uit die dorp op die Loeriesfonteinpad is die Nieuwoudtville waterval. Die water van die Doornrivier stort daar oor ‘n afgrond van eenhonderd meter (Bulpin 2001:321).

Die Oorlogskloof Natuurreservaat is agttien kilometer suid van Nieuwoudtville op die rand van die eskarpment geleë. Dit beslaan ‘n oppervlakte van 5570 hektaar en bied ‘n groot

verskeidenheid flora en fauna (Bulpin 2001:321). Die reservaat is bekend vir die rare broeikolonies van die dwergarend ((*Hieraaetus pennatus*)
(Pinchuck 2005:349; Sinclair 1985:78).

Tussen Nieuwoudtville en Vanrhynsdorp lê die Bokkeveldberge en die Knersvlakte. Vanrhynspas vorm die verbindingspad tussen die berge en die vlakte. Die pas is in 1880 deur Thomas Bain gebou. Dit is 'n kort bergpas met 'n paar haarnaalddraaie en bied 'n asemrowende gesig oor die Knersvlakte (Fleminger 2008:222).

Calvinia kry minder reën as Nieuwoudtville en hoewel dit nog in die blomroete val, is die blommeprag daar nie so aanskoulik soos by Nieuwoudtville nie en lok dit nie soveel toeriste na die omgewing nie. Alhoewel Calvinia nie die verskeidenheid plantegroei en die interessante natuurskoon van die Nieuwoudtville omgewing het nie, is daar tog heelwat in die natuur te besigtig.

Ongeveer vier kilometer buite die dorp, aan die voet van die Hantamberge, is die Akkerendam Natuurreservaat van 2568 hektaar waarin die fauna en flora van die omgewing bewaar word. Daar is ook wandelpaaie en piekniekplekke in die reservaat (Bulpin 2001:320).

In die omgewing kan van die mooiste sonsopkomste en sonsondergange waargeneem word en die oop wolklose sterrehemel lok vele sterrekykers (Bulpin 2001:321).

6.2.2 Kulturele en sosiale karakteristieke

Volgens Fausnaugh vorm historiese geboue en huise, monumente en museums, asook plekke van aanbidding, begraafplase en sendingstasies deel van die kulturele karakteristieke van die omgewing. Sosiale aktiwiteite soos feeste en landbouskoue lok ook toeriste na 'n dorp.

Ten opsigte van kulturele kenmerke het albei dorpe 'n ryke verlede. In Nieuwoudtville doen die eienaars van ou sandsteenhuise moeite om dit te bewaar en daar is nog verskeie sandsteengeboue wat eie aan die dorp en die omgewing is, in die dorp te besigtig. Van die beste voorbeelde is die Nederduits Gereformeerde Kerk en pastorie, asook mnr Blake

se huis (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*). Op verskeie plase in die omgewing, soos Ouplaas, Groenrivier, Papkuilsfontein en Lokenburg, is daar ook voorbeelde van klipgeboue wat van die vroegste boukuns van die omgewing uitbeeld. Alhoewel daar nie 'n dorpsmuseum in Nieuwoudtville is nie, is daar op die pad suid na Clanwilliam kapsteilhuise wat nog bewoon word en besigtig kan word. Op Kookfontein is daar 'n ou perdemeul te sien (Bulpin 2001:321).

Buite die dorp is daar rooibosteebane en in die omgewing is daar ook Boesmantekeninge (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*).

Calvinia bied aan die toeris 'n ryke verskeidenheid historiese geboue en huise om te besigtig. Met behulp van 'n brosjure kan die toeris 'n historiese wandeling deur die dorp neem. Deur middel van die goed bewaarde historiese huise kry die toeris 'n beeld van die lewenswyse van onder andere die vroeë trekkers en die Joodse handelaars.

Hantamhuis is een van die oudste huise in die dorp. Dit is in 1854 gebou in 'n plattelandse Kaaps-Hollandse styl (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*). Die huis is 'n verklaarde historiese gedenkwaardigheid en verskeie pryse is gewen met die restourasie daarvan (Pinchuck 2005:350).

Die huis in Waterstraat 35 word beskou as een van die elf oudste huise in die dorp. Dit het verskeie Joodse eienaars gehad en een van hulle, Louis Rosenblatt, het dit as 'n sinagoge ingerig en ook as 'n winkel bedryf (Pinnock 1999:166). Tans is dit die Blou Nartjie Restaurant en Pionierslot Gastehuis (mnr H Fick 2009:onderhoud).

Carmel Villa is 'n Victoriaanse huis wat aan die Helfet-familie behoort het. Louis Helfet het in 1897 na Calvinia gekom. Hy het die huis vir sy bruid, Sara, laat bou en het die plan geteken soos hy die huis uit sy kinderdae in Rusland onthou het (MS The Helfets of Carmel Villa gd:1-2,4).

Die Karoo Boekehuis is 'n eenvoudige Karoo tuishuis en dateer uit 1855. Dit is in 1993 gerestoureer met die doel dat skrywers vir 'n tydperk daar kan woon en werk. Die Boekehuis huisves 'n uitgebreide versameling werke van Karoo skrywers. Die huis word

ook gebruik vir byeenkomste van kulturele aard soos boekbekendstellings, storieaande en musiekaande (Spaarwater 1993:9).

Ander geboue in die dorp wat die moeite werd is om te besigtig, is die Calvinia Museum en die NG Moederkerk. Die Calvinia Museum gebouekompleks het die ou Joodse sinagoge as middelpunt. Die sinagoge is in 1920 gebou en die res van die gebouekompleks ná 1968 (mev M Hugo 2008:onderhoud). Die uitstallings in die museum weerspieël die leefwyse in die Hantam.

Een van die interessante dokumente wat in die Calvinia Museum uitgestal word, is die oorspronklike dokument vir die arrestasie in 1901 van Abraham Esau. Hy was die leier van die bruin gemeenskap op Calvinia wat tydens die Anglo-Boereoorlog hulle aan die Britte se kant geskaar het. Hy is deur die Boere gevange geneem en deur ene Stephanus Strydom geskiet (Erasmus 1995:339).

Die NG Moederkerk is in die Neo-Gotiese styl gebou. Die hoeksteen is in 1899 gelê en die kerk is in 1900 ingewy. Die argitek was Gaysford van Potchefstroom (Smit 1946:114-115). Agter die kerk is nog die oorspronklike kerkplein waar die ossewaens uitgespan is as die boere dorp toe gekom het vir die nagmaalviering. Die grond is nooit in erwe verdeel nie en dit is een van die bes bewaarde voorbeelde van ‘n neëntiende-eeuse kerkpleinkern (Fransen & Cook 1980:414)

Die sendingstasie van Wupperthal kan met ‘n dagrit vanaf Calvinia of Nieuwoudtville besoek word.

Ten opsigte van sosiale gebeurtenisse word daar jaarliks gedurende die laaste naweek in Augustus die Hantam Vleisfees in Calvinia gehou. Die Vleisfees het die jaarlikse landbouskou vervang (mev M Hugo 2009: onderhoud). Dit val nog binne die blomseisoen en lok dus baie toeriste. Smulpape kan onder andere skaapkop, afval en skaapstertjies te ete kry (Fleminger 2008:229). Nieuwoudtville het jaarliks in Oktober ‘n landbouskou wat meestal deur plaaslike inwoners ondersteun word (mnr H van Zijl 2009:onderhoud).

6.2.3 Sport en ontspanningsfasiliteite

Die aanwesigheid van swembaddens, sportvelde, gholfbane, tennisbane en veilige speelgronde en parke word deur Fausnaugh genoem as pluspunte om 'n dorp aantreklik vir toeriste te maak. Daar is egter ook ander tipes ontspanningsfasiliteite op die platteland wat baie gewild is by toeriste, veral Suid-Afrikaanse toeriste wat baie lief is vir die buitelewe.

Ten opsigte van sportfasiliteite het Calvinia 'n golfbaan, asook tennisbane, wat op versoek deur toeriste gebruik sal kan word (mev M Hugo 2009:onderhoud). In Nieuwoudtville is daar 'n openbare swembad in die karavaanpark (mnr H van Zijl 2009:onderhoud).

Toeriste hou van aktiwiteite soos perdry, stap- en fietsroetes, seilvaart, swem en kanovaart. Die meer avontuurlike toeris wil rotsklim, abseil en valskermspronge beoefen.

Daar is heelwat ontspanningsfasiliteite in albei dorpe. In die omgewing van Nieuwoudtville is daar verskeie staproetes wat aangedurf kan word. Oorlogskloof Natuurreservaat is 'n paradys vir stappers. 'n Verskeidenheid van staproetes kan in die natuurreservaat gevolg word. Daar is dagstappe asook wildernisroetes waar die besoeker sy eie roete volg en nie op die paadjies hoef te bly nie (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad).*

Daar is ook staproetes en bergfietsroetes op plase soos Papkuilsfontein. Op dié plaas is daar 'n sirkelroete van twaalf kilometer met die draaipunt by die waterval wat oor die Oorlogskloofravyn stort. Die meer ervare stappers en bergklimmers kan teen die rotse afklim tot in die kloof onder die waterval (Brosjure: *Nieuwoudtville, juweel van die Hantam).* Perdry kan op verskeie plase beoefen word.

Jaarliks is daar verskeie groepe, plaaslik en van oorsee, wat Nieuwoudtville besoek as hulle kom hangsweef en valskermsweef beoefen. Hulle wegspringpunt is vanaf die piek van Van Rhynspas. Die heersende westewinde in die somer maak Nieuwoudtville baie geskik vir dié sportsoorte (mnr H van Zijl 2009:onderhoud).

Akkerendam Natuurreservaat, net buite die dorp Calvinia, bied twee staproetes en verskeie piekniekplekke vir die natuurliefhebber. Die Kareeboomroete van twee kilometer

is spesiaal vir ouer persone uitgelê. Die tweede roete is die Sterboomroete wat die oostelike hang van die Hantamberg tot bo-op die kruin volg. Dit neem ongeveer sewe uur om die roete te voltooi (Bulpin 2001:320). Daar is 'n hele aantal plase waar daar 4x4 roetes aangebied word (Fleminger 2008:230).

6.2.4 Kommersiële fasiliteite

Winkels, banke, vulstasies, poskantore, restaurante, gastehuise, motelle en hotelle is kommersiële fasiliteite waarsonder die moderne toeris nie kan klaarkom nie.

Die toeris moet in gedagte hou dat Nieuwoudtville 'n klein dorpie is en hoewel daar kommersiële fasiliteite soos banke, 'n vulstasie, 'n poskantoor en restaurante is, is dit slegs op beperkte tye oop vir diens. Die winkels is gewoonlik gedurende die etensuur gesluit en die vulstasie is nie Sondae oop nie (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud). Tog word daar gedurende die blommeseisoen, wanneer baie toeriste die dorp besoek, moeite gedoen om te sorg dat dit wat toeriste benodig, beskikbaar is. So is daar 'n koffiewinkel en tuisnywerheid, Die Kontantwinkel, 'n algemene handelaar en 'n slaghuis (Brosjure: *Hantam munisipaliteit, Nieuwoudtville*).

Akkommodasie word in die dorp en op plase verskaf. In die dorp is daar ongeveer twintig gastehuise waarvan sommige ook 'n restaurant het, en daar is ook 'n hotel (Fleminger 2008:228). Die meeste van die ou sandsteenhuise is omskep in gastehuise. Buite die dorp is daar twee karavaanparke, goed geleë tussen sandsteen rotsformasies en olien- en proteaplante (Pinchuck 2005:348; Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville).* Daar is sowat sewentien plase waar akkommodasie aangebied word, die meeste in die vorm van selfvoorsienende eenhede. Sommige plaasakkommodasie sluit ontbyt in en by twee plase word aandetes ook aangebied (Brosjure: *Hantam munisipaliteit, Nieuwoudtville*). Die aantal plase wat akkommodasie aanbied, wissel van jaar tot jaar aangesien sommige plaaseienaars besluit om nie meer akkommodasie aan te bied nie, terwyl ander weer nuut tot die mark toe tree.

Aangesien daar nie so 'n verskeidenheid blomme in die Calvinia omgewing is nie, is daar nie so 'n groot aanvraag na akkommodasie gedurende die blommeseisoen nie. Die aantal plase waar daar plaasakkommodasie verskaf word, is aansienlik minder as in die

Nieuwoudtville omgewing en tel ongeveer vyf. In die dorp is daar agttien gastehuise, drie hotelle en twee karavaanparke (Fleminger 2008:230-231).

Die dorp se sakekern is aansienlik groter as dié van Nieuwoudtville en huisves verskillende banke, vulstasies, restaurante, winkels en 'n poskantoor. Daar is ook die bekende rooi posbus wat toeriste lok omdat briewe wat hier gepos word, 'n spesiale blomstempel kry (Brosjure: *Calvinia inligting).*

6.2.5 Openbare infrastruktuur

Van die elemente van 'n openbare infrastruktuur wat deur Fausnaugh as belangrik geag word, is goeie pad-, lug- en spoorverkeersweë en skoon ruskamers en stilhouplekke. Nooddienste soos dié van die polisie en medici is ook belangrik. Toeriste wil kundig wees aangaande die omgewing wat hulle besoek en wil kaarte, brosjures en toergidse tot hulle beskikking hê.

Die twee dorpe Nieuwoudtville en Calvinia is naby aan mekaar geleë. Goeie padverkeersweë maak albei maklik bereikbaar vanaf verskeie plekke. Uit Kaapstad byvoorbeeld kan die N7 gevolg word tot by Vanrhynsdorp en daarna die R27 via Van Rhynspas tot by Nieuwoudtville en Calvinia (Botha ea 1994:19). Vanaf Johannesburg is daar ook hoofpadroetes wat gevolg kan word via die Karoo tot by Calvinia en Nieuwoudtville.

Openbare vervoer na die twee dorpe is egter baie beperk. Busse vanaf Johannesburg, Upington en Kaapstad doen Vanrhynsdorp aan maar daar is geen busdiens tot by Nieuwoudtville en Calvinia nie (mnr H van Zijl 2009:onderhoud). Plaaslike toeriste gebruik hul eie motorvervoer of kom as 'n toergroep met 'n toerbus, terwyl oorsese toeriste gebruik maak van gehuurde motors of klein toerbussies (mev M Hugo 2009:onderhoud). Daar is geen treinvervoer vir enige van die twee dorpe nie. Op Nieuwoudtville is daar 'n landingstrook vir ligte privaat vliegtuie en Calvinia het 'n vliegveld met 'n geteerde aanloopbaan met ligte wat naglandings moontlik maak (mev M Hugo 2009:onderhoud).

Daar is 'n inligtingsentrum op Nieuwoudtville en betroubare inligting aangaande die omgewing se toeristeaantreklikhede kan ook dwarsdeur die jaar by die Smidswinkel

restaurant verkry word. Genoegsame kaarte en brosjures is beskikbaar by die inligtingsentrum. In Calvinia word die toeristekantoor in die museum gehuisves (Pinchuck 2005:348). Ten opsigte van nooddienste is daar 'n kliniek, medici en polisie op albei dorpe (mev M Hugo 2009:onderhoud).

6.2.6 Houding teenoor toeriste

Goeie diens aan persone van alle kultuurgroepe verseker dat toeriste weer 'n spesifieke omgewing sal besoek.

Albei die dorpe se inwoners het 'n positiewe ingesteldheid teenoor toeriste omdat die groot aantal toeriste wat die gebied in die blommeseisoen besoek, 'n gesonde ekonomiese opbloei vir die gebied verseker. Die inwoners is bekend vir hulle gulhartigheid en vriendelikheid (Botha ea 1994:18).

Nieuwoudtville word 'n miernes van bedrywighede gedurende die blommeseisoen wanneer toeriste op die dorp toesak. In dié tydperk word daar moeite gedoen vir die toeriste. Streekskos word dikwels voorgesit. So kan daar heerlike lamsboud en springbokvleis geëet word en met 'n dag se vooraf kennisgewing word minder bekende Afrikaanse spesialiteitskos soos gebakte skaapkop en gestopte hart voorgesit (Pinchuck 2005:349). Die tuisnywerheid verkoop dan 'n gebak, genoem skuinskoek, wat 'n tipe vetkoek is, en verskillende soorte brode wat eie aan die streek is, soos potbrood, mosbrood, soetsuurdeegbrood en roosterkoeke. (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Praatjies oor plante en die omgewing word deur deskundiges gelewer en die Indigo ontwikkelingsorganisasie bied biodiversiteitsaktiwiteite vir individue en groepe aan. Die organisasie lei ook lede van die plaaslike gemeenskap op om as blomgidse op te tree en met hulle kennis van die omgewing is dit die moeite werd om 'n gids te huur (Fleminger 2008:223).

6.2.7 Toeganklikheid tot 'n streek

Volgens Fausnaugh moet alle paaie in 'n goeie rybare toestand wees met genoegsame padaanwysings en daar moet in gedagte gehou word dat seisoenale faktore soos sneeu en reën die toeganklikheid van 'n streek kan beïnvloed.

Die hoofpaaie tot die twee dorpe is in 'n goeie toestand en daar is genoegsame padaanwysings. Die sekondêre paaie word egter nie goed in stand gehou nie en het die afgelope jare geleidelik agteruit gegaan. Veral gedurende die reënseisoen in die winter is sommige van die sekondêre paaie amper onbegaanbaar. Groot plasse water en modder op die paaie maak dit moeilik rybaar. Dit lei tot ongelukkigheid onder die plaaslike bevolking want die sekondêre paaie tussen die plase is juis dié paaie waarlangs die mooiste plate blomme aangetref word en wat deur die toeriste gebruik word (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

6.2.8 Bestaande infrastruktuur vir toerisme

Reeds gevestigde toeristebedrywe in 'n omgewing lok toeriste deur die jaar en nie net seisoenaal nie.

Toeristebedrywighede wat tans in hierdie streek gevestig is, is hoofsaaklik te danke aan die blomme skouspel in die maande Augustus en September. Omdat dit toeriste van oraloor lok, het dit 'n ankertoeriste-aantreklikheid geword. Toeriste wat kom blomme kyk, het meer en meer bewus geword van al die ander toeriste-aantreklikhede in die omgewing. In die Nieuwoudtville-omgewing is die blommeseisoen van Augustus en September die bedrywigste tyd van die jaar, maar omdat daar soveel verskillende blomspesies is, is daar dwarsdeur die jaar blomme te sien. Veral botaniste word deur die jaar na die omgewing gelok en 'n besoek aan die blombol- en clivia-kwekery word gewoonlik ingesluit (Fleminger 2008:223). Omdat Nieuwoudtville op die eskarpment van die Bokkeveldberge lê, het die omgewing pragtige natuurskoon wat deur die jaar stappers, bergklimmers asook 4x4 entoesiaste lok.

Die Nieuwoudtville omgewing is bekend vir die produksie van rooibostee. Die tee word jaarliks tussen Januarie en Maart gepluk en toeriste kan die teefabriek in hierdie tyd besoek (mnr H van Zijl 2009:onderhoud).

In die geval van Calvinia besoek 'n groot aantal toeriste die omgewing net seisoenaal. Buite die blommeseisoen is die klimaat nie baie gunstig vir toeristebedrywighede nie, omdat temperature gedurende die somermaande kan styg tot tussen 30-40°C en in die winter kan daal tot benede vriespunt (Pinchuck 2005:349). Tog is daar deur die jaar stappers en natuurliefhebbers wat na die Hantamberge gelok word deur die ongewone flora, die wild en die skoon onbesoedelde lug (Botha ea 1994:19).

6.3 Kenmerke van die betrokke plase

6.3.1 Natuurlike eienskappe van die plase

Ongerepte natuurskoon, diversiteit van plantegroei, 'n verskeidenheid flora en fauna en waterbronne verseker groot waardetoevoeging tot 'n plaas waarop die eienaar plaastoerisme wil bedryf. Waterbronne kan vir visvang, swem en ander waterverwante aktiwiteite gebruik word. Staptogte en kampeergeriewe is 'n pluspunt vir die toeris.

Sewefontein lê in 'n gebied met uitsonderlike ongerepte natuurskoon wat beslis die plaas se grootste bate is vanuit die toeris se oogpunt gesien. Op groot dele van die plaas is daar interessante sandsteenformasies en vele rotsskeure, rotsboë en bakkranse kan besigtig word. Daar vloei 'n rivier deur die plaas en die pad na die opstal kruis die rivier 'n paar keer. Sandbanke langs die rivier, asook wye klipplate met spoelgate bied heerlike speelplek vir kinders en dit dien ook as piekniekplekke. Daar is drie natuurlike diep swempoele met die name, Knor, Seermaak en Witgat (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Die hele plaas is 'n stappersparadys. Daar is 'n staproete van vyf kilometer en in samewerking met die eienaar van die buurplaas, Papkuilsfontein, kan toeriste oor hul grond na die waterval op Papkuilsfontein stap. Die natuurlike plantegroei sluit wabome, verskillende proteasoorte, riete, heide en botterbome in. Gedurende die lente is daar pragtige veldblomme op die plaas te sien (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Rondom die opstal, op die werf, is daar sewe varswaterfonteine – vandaar ook die plaasnaam, Sewefontein. Een van die fonteine loop uit in 'n dam wat lekker swem- en speelplek vir kinders bied.

Soutpan, in die Calvinia-distrik, is geleë in die Karoostreek en het 'n tipiese Karootopografie van vlaktes, afgewissel met berge, losstaande koppe en lae rante (Van Wyk & Smith 2001:74). Dit het 'n totaal ander tipe natuurskoon as Sewefontein. Die plantbedekking is geharde Karoo struikgewas en bome en struike word hoofsaaklik op die oewer van die Soutpansrivier wat agter die werf vloei, aangetref. Sommige toeriste hou nie van die dor Karoo landskap nie, maar vir ander het die uitgestrektheid en stilte van die landskap weer 'n bekoring.

Gedurende die warm somermaande is daar min water in die Soutpansrivier wat veroorsaak dat daar geen waterverwante aktiwiteite beoefen kan word nie. Agter die rivier is daar 'n steil rotswand wat uitgeklim kan word, maar staptogte in die somer moet beperk word tot vroegoggend of laat namiddag weens die hitte en gebrek aan skadu.

6.3.2 Geboue en kulturele artefakte

Fausnaugh sê dat historiese geboue, 'n standbeeld of 'n monument die toerismewaarde van 'n plaas kan verhoog. Om landbouaktiwiteite soos skaapskeer, wat vir stadskinders groot opwinding kan inhou, aan te bied, lok toeriste. Ritte op waens en kapkarre is ook gewild.

Die geboue op Sewefontein se werf, uitgesonderd die onderwyser se huis, dateer almal uit die negentiende eeu. Alhoewel toeriste toegang net tot die woonhuis het, kan hulle oral op die werf rondstap en al die ander geboue van buite besigtig. Aangesien die rivier naby die opstal verbyvloei, kan toeriste die omgewing van die rivierloop ook verken. Die plek waar die smidswinkel onder die holkrans was, asook die groot hoeveelheid klipsweet is ook naby die opstal en kan ook besigtig word. Die plaas is tans onbewoon en slegs die woonhuis word as gastehuis benut. Landbouaktiwiteite soos skaapskeer of skape vang en doseer word dus nie as toeristeaantreklikhede benut nie (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Die meeste van die geboue op Soutpan dateer waarskynlik uit die eerste helfte van die negentiende eeu en is baie vervalle. Slegs Annie se kamer en die Melkkamer wat saam 'n eenheid vorm, word in stand gehou as blyplek vir die eienaar wanneer hy die plaas besoek. Die ander geboue word as berguimtes benut (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Alhoewel daar met toeristebedrywighede gewoonlik net op die materiële en sigbare kultuur gefokus word, is dit belangrik om ook kennis te neem van die nie-tasbare geestelike kultuur. In hierdie verband is daar 'n leemte in die normesisteem van Fausnaugh aangesien sy glad nie melding maak van die bydrae en invloed van geestelike kultuur nie. Elke streek en elke plaas het nie-tasbare kultuurgoedere wat bydra om 'n toeris se ervaring aan 'n streek en plaas soveel meer waardevol vir hom of haar te maak. So kan toeriste ingelig word aangaande volkswoordkuns, byvoorbeeld die beskrywende name wat aan plase, riviere en berge in die omgewing gegee word, asook die byname van mense wat op sigself interessant en pittig kan wees. Ten opsigte van volksgeloof en godsdienstige gebruike kan byvoorbeeld inligting oor alledaagse bygelowe en godsdienstige gebruike, soos dit in die omgewing voorkom, verskaf word. Hoe is daar byvoorbeeld in die negentiende eeu huisgodsdiens gehou? Watter gebruike was daar rondom Nagmaal? Ten opsigte van volksgeneeskunde is daar veel wat aan die toeris oorgedra kan word, byvoorbeeld al die verskillende boererate waarin daar geglo is en wat prakties toegepas is. As deel van volksweerkunde was en is daar nog 'n legio metodes van weervoorspelling.

6.3.3 Infrastruktuur en menslike hulpbronne

Toeriste wil toegang tot water en toiletgeriewe hê, maar elektrisiteit is nie altyd 'n vereiste nie. Goed ingerigte piekniekplekke en braaigeriewe maak die toeris se verblyf aangenamer. Goeie diens is vir toeriste van groot belang: eienaars wat kundig is oor hulle plase en behulpsame plaasarbeiders is 'n groot bate vir enige plaas.

Die infrastruktuur van die plaas Sewefontein is goed. Die eienaar van die plaas woon ongeveer drie kilometer daarvandaan en sorg dat die opstal en werf in 'n goeie toestand gehou word. Daar is nie elektrisiteit in die opstal nie maar die eienaar verkies dit so. Talle oornag besoekers aan die plaas versoek ook dat hy nie elektrisiteit moet aanlê nie omdat

hulle die ouwêreldse atmosfeer van die plaashuis wil ervaar. In die kombuis is daar ‘n vuurherd wat gaste kan gebruik asook ‘n gasstoof en gasyskas. Lig word saans deur middel van olielampe verskaf. Daar is gerieflikheidshalwe ‘n tweede badkamer aangebou aangesien akkommodasie aan tien persone per keer verskaf kan word (mnr JN (Buks) Boltman 2009:onderhoud).

Die plaas is na genoeg aan Nieuwoudtville sodat toeriste bereid is om daarheen te ry. Oornagbesoekers benut die plaas veral gedurende die blommeseisoen maar daar is ook heelwat besoekers gedurende die somermaande. Die toegangspad na die plaas word goed in stand gehou, wat nodig is aangesien die pad die rivier ‘n paar keer kruis. Gedurende die wintermaande skep dit wel ‘n probleem omdat die rivier dan sterk vloei en dit dan nie altyd moontlik is om die driwwe oor te steek nie. Gelukkig besoek min gaste die plaas in die wintermaande, dus hoef besoekers nie werklik weggewys te word nie (mev AJL (Kotie) Boltman 2008:onderhoud).

Die plaaseienaar is hartlik en gasvry en doen moeite om gaste tuis te laat voel. Hy is kundig aangaande die plaas en die omgewing en deel graag sy kennis met sy gaste.

Soutpan lê ongeveer tagtig kilometer van Calvinia af en ongeveer vyf-en-sewentig kilometer suid van Nieuwoudtville. Die plaas is nie op hoofverkeersroetes nie. Gedurende die wintermaande, in die reënseisoen, is die sekondêre grondpaaie wat na die plaas lei, in ‘n swak toestand en moeilik rybaar. Gedurende die somermaande is dit stowwerig.

6.4 Voorstelle ten opsigte van die plase se gebruik as gasteplase

Sewefontein leen hom uitstekend tot die plaastoerismebedryf en dit word alreeds as sodanig suksesvol bestuur, maar ‘n paar verbeteringe hier en daar kan help om dit nog ‘n meer unieke ervaring vir die toeris te maak. Die ongerepte natuurskoon, waterryke omgewing en verskeidenheid van plantegroei dra daartoe by dat die plaas gereeld deur natuurliefhebbers, stappers en plantkundiges besoek word. Toeriste geniet dit om die plaaswerf en omgewing vir hulself te hê en te verken, maar dit sou tog van hulp wees as besoekers aan die plaas ‘n kaart van die werf kon kry waarop al die besienswaardighede aangedui word. Aanduidings soos waar al sewe fonteine is, waar die oorhanggrot met die oorblyfsels van die smidswinkel en die klipsweet is, asook die groot klipplate en die diep

skeur waar dooie slange in gegooi is. Die paadjie na die drie swempoele en hul onderskeie name, asook die staproete kan duidelik aangedui word.

Die geboue op die werf kan gemerk word, byvoorbeeld die stalle, die skooltjie, die waenhuis, kafhok en trapvloer. Inligtingsbordjies kan aandui hoe 'n trapvloer en bakoond gebruik is of hoe 'n opgekleide muur gebou is. In die woonhuis kan daar 'n brosjure gelaat word waarin die geskiedenis van die plaas op bondige wyse uiteengesit word. Toeriste geniet dit om vakansie te hou in 'n plek met 'n geskiedenis en met bogenoemde tipe inligting wat aan hulle gegee word, voel hulle dat hulle goeie dienslewering kry (Pieterse 1995:23). Baie stedelinge wat op plase grootgeword het, beskou 'n plaasvakansie as opvoedkundig vir hul kinders en op so 'n informele wyse kan hul kinders ingelig word aangaande diere, plante en die natuur (Vogeler 1977:295).

Daar is gewoonlik geleenthede waar die eienaar en sy gaste saam vleis braai. By dié geleenthede kan een of twee streekskosse aan die toeris bedien word. Die gesellighede bied aan die plaaseienaar die geleentheid om aspekte van nie-tasbare kultuur aan die toeris oor te dra. Plekname, persoonsname en byname se oorsprong kan verduidelik word. Kontreistories en boererate, waarvan sommige amusant kan wees, kan vertel word.

Hoewel Afrikaans die voertaal van die streek is en die woordkunsuitinge dus alles in Afrikaans is, hoef anderstaliges nie Afrikaans te verstaan om deur die woordkuns geraak te word nie. Nederlanders en Vlaminge verstaan 'n groot deel van Afrikaans en die vergelykings wat hulle maak met hul eie taal is vir hulle interessant. Ander buitelanders het gewoonlik waardering vir die klank van 'n vreemde taal en die inhoud van dit wat hulle hoor, kan in Engels aan hulle oorgedra word (Meintjes 2000:121).

Om Soutpan vir plaastoerisme doeleindes te kan gebruik, sal tans baie kos aan geld, beplanning, doelgerigtheid en deursettingsvermoë. Omdat die plaas vir 'n paar jaar onbewoon was, het amper al die geboue op die werf vervalle geraak. Sommige is in so 'n mate beskadig dat dit vir praktiese doeleindes amper onherstelbaar is. Ander het weer onsimpatieke aanbousels wat die oorspronklike gebou heeltemal oorskadu. Die eienaar van die plaas het 'n positiewe houding teenoor die plaas en is trots op sy familiegeskiedenis. Sou hy die finansies hê om die geboue te restoureer of op te knap en

die wil om dit doelgerig vir plaastoerisme aan te wend, sou dit suksesvol gedoen kan word.

Aangesien Soutpan nie dieselfde tipe natuurskoon as Sewefontein het nie, sal daar doelmatig en met goeie bemarking te werk gegaan moet word om oornagbesoekers te trek. Die tipe toeris wat hierheen sal kom, is een wat soek na rustigheid, stilte en afsondering. Tog is daar vir die fotograaf, natuurliefhebber en sterrekyker genoeg om te ervaar. Daar is die tipiese Karoo-landskap van vlaktes, berge, losstaande koppe en rante, unieke plantegroei en 'n helder sterrehemel. Die kranse en rivier suid van die opstal kan verken word en daar is 'n dam wat benut kan word as toeriste-attraksie. Aanwysings kan gegee word na die begraafplaas, die klipkrale teen die rotswand, die grot en die twee klipskuilings wat waarskynlik die blyplek van nomadiese veeboere was. Daar is ook Boesmantekeninge teen die rotswand.

Op die werf is daar verskeie geboue wat die vervloë aktiwiteite van die plaas kan uitbeeld. Daar is die buitekombuis, die melkkamer, die meulhuis en die smidswinkel. Om die geskiedenis van die plaas verder uit te beeld kan daar gekyk word na die kafhok, die stalle, Annie se kamer asook Palvie se kamer. Deur die naam van elke gebou aan te dui, asook 'n kort beskrywing van die geskiedenis of aktiwiteite wat in die betrokke gebou plaasgevind het, op skrif aan te bied, sal dit 'n groot waardetoevoeging vir die toeris wees.

Ten opsigte van akkommodasie is daar 'n paar geboue wat benut kan word, byvoorbeeld die opstal, Annie se kamer, die melkkamer en Theunis en Jonas se huis. Die geskiedenis van die plaas kan in 'n brosjure weergegee word asook die boumetodes wat gebruik is by die oprigting van al die geboue.

Omdat die natuurskoon nie so asemrowend is nie, kan groot klem gelê word op die geskiedkundige aspekte van die plaas. Die gebeure wat tydens die Anglo-Boereoorlog op die plaas afgespeel het, kan in 'n brosjure weergegee word en spesifieke plekke waar dit gebeur het, kan aangedui word, byvoorbeeld waar die koring in die dam gegooi is of in die klipskeure weggesteek is. Aanwysings na Jan Steenkamp se kliphuis kan gegee word en sy geskiedenis kan ook kortliks in 'n brosjure weergegee word.

HOOFSTUK 7

EVALUERING

Plaastoerisme word wêreldwyd om verskillende redes bedryf met die belangrikste rede waarskynlik omdat dit ekonomies vir die boer tot voordeel kan wees. Om plaastoerisme egter suksesvol te bedryf, moet die boer of eienaar van die betrokke plaas eers sekere onkostes aangaan. In lande soos Frankryk en Duitsland word geldelike hulp aan boere verskaf om tot die plaastoeristemark toe te tree (Wrathall 1980:194; Frater 1983:172). In Suid-Afrika is dit nie die geval nie en moet die plaaseienaar eers alle uitbreidings of verbeteringe voltooi voordat daar om befondsing aansoek gedoen kan word (Brosjure: *Seesa Commerce*). Dit onderstreep die belangrikheid vir die plaaseienaar om eers te bepaal of sy plaas hom werklik leen tot plaastoerisme alvorens hy al die onkostes aangaan. Vir dié doel is 'n normesisteem soos uiteengesit deur Fausnaugh, daargestel (2004:1-6).

Daar moet nie net na die plaas alleen gekyk word nie, maar ook na die groter omgewing, soos blyk uit Coetsee se stelling dat toeriste deur besienswaardighede of gebeure na 'n streek getrek word en dan oornagverblyf in die omgewing soek (2004:49). Dié stelling word in Fausnaugh se normesisteem beklemtoon (2004:4). Uit die hoofstukke wat handel oor Calvinia en Nieuwoudtville en hul onderskeie omgewings kan daar afgelei word dat daar voldoende besienswaardighede en gebeure is wat toeriste na die gebied lok. In die geval van Calvinia is dit veral die historiese besienswaardighede wat 'n besoek aan die dorp die moeite werd maak en in die geval van Nieuwoudtville is dit die natuurskoon wat baie vir die toeris bied. Die ankergebeurtenis wat egter jaarliks groot getalle toeriste trek, is die verskyning van veldblomme in die lente.

Een van die doelwitte van die studie was om die plase te evalueer aan die hand van klimaat, plantegroei en geologie. Die gevolgtrekking was dat Sewefontein baie voordelig vir plaastoerisme benut kan word, aangesien dit oor ongerepte natuurskoon beskik wat dit gewild maak by toeriste. Soutpan met sy dorre Karoo-topografie sal 'n meer spesifieke tipe toeris trek, naamlik een wat van stilte en afsondering hou.

Die doel met ‘n detail-analise van die geboude strukture op die twee plase was om vas te stel of dit bewarenswaardig is, of dit ‘n positiewe bydrae tot toerisme kan maak, en of dit iets van ‘n verbygegane leefwyse weerspieël wat vir die toeris mag interesseer. Volgens die boukuns en boumetodes wat gebruik is, kan die afleiding gemaak word dat die plantegroei, klimaat, groot afstande van die dorpe en gebrek aan paaie ‘n definitiewe invloed op die boukuns van die plase gehad het. Daar is gebou met dit wat in die omgewing beskikbaar was.

Die geboue beeld die lewenswyse van die bewoners van die twee plase uit soos dit in die negentiende en twintigste eeu daar uitgesien het. Aktiwiteite van die plaasbewoners kan uit die verskillende tipes geboue afgelei word, byvoorbeeld die meulhuis, die smidswinkel, die melkkamer en die skooltjies. Deur hierdie geboue op te knap en ‘n werfplan te rekonstrueer, kan ‘n tradisionele plaas-leefwêreld vir die toeris herskep word.

Die uitbeelding van die daaglikse lewe van die plaasbewoners verskaf ‘n aanduiding van die tydsgees waarin hulle geleef het. Aangesien die studie vanuit ‘n kultuurhistoriese perspektief op plaastoerisme gedoen is, is daar ook verwys na sekere aspekte van nie-tasbare of geestelike kultuur. Ten opsigte van toerisme val die klem gewoonlik net op die stoflike of materiële kultuur en word nie-tasbare kultuur agterweë gelaat. Tog speel dit ‘n belangrike rol om ‘n geheelbeeld van ‘n tydperk uit te beeld. In ‘n gebied waar daar heelwat ander plase is waarop daar plaastoerisme bedryf word, en die plase met mekaar kompeteer ten opsigte van toeriste wat dit besoek, kan die beklemtoning van nie-tasbare kultuur een van die aspekte wees wat juis toeriste na Sewefontein of Soutpan sal lok. Blootstelling aan die geestelike kultuur kan die toeris se belangstelling prikkel om meer daarvan te wete te kom en die oordra van dié kultuurgoedere sal help verhoed dat ‘n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse kultuur en tradisies verlore gaan vir die nageslag.

Die twee plase kan ook aan die hand van artikel 3(3) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne geëvalueer word. Artikel 3(3) het nege onderafdelings, (a) tot (i). Onderafdelings (b) en (c) kan op die twee plase van toepassing gemaak word. Volgens onderafdeling (b) moet ‘n plek of voorwerp as deel van die nasionale besit beskou word as dit kulturele betekenis of ander spesiale waarde het omrede dit ongewone, seldsame of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis besit. Volgens

onderafdeling (c) moet dit die potensiaal besit om inligting op te lewer wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis (Wet nr 25 van 1999: 15).

Die twee plase het kulturele betekenis en waarde om die volgende redes: Soutpan huisves 'n gebouekompleks wat die boukuns en boumetodes van die omgewing uit spesifieke periodes uitbeeld en wat die tydperk vanaf ongeveer 1850 - 1910 dek. Die geboue is belangrik in terme van argitektoniese waarde, kulturele waarde en die gebruik van materiale. Sewefontein se woonhuis is ook van waarde omdat dit 'n langwerpige huis is met 'n ingangsportaal en 'n dubbel ry vertrekke wat op 'n verdere ontwikkeling van die basiese langhuis dui. Die huis dateer uit die 1870's. Die dekoratiewe skilderwerk wat sommige van die vertrekke versier, is ook van waarde omdat dit die oorspronklike skilderwerk is wat waarskynlik deur die Nederlander AF Bus gedoen is. Sewefontein lewer 'n betekenisvolle bydrae tot Suid-Afrika se natuurerfenis want dit is geleë in 'n omgewing van ongerepte natuurskoon in die Heideveld gedeelte van die Bokkeveld en dit huisves 'n ryke versameling inheemse veldblomsoorte wat bewarenswaardig is. Onderafdeling (b) is van toepassing op Soutpan aangesien die plaas tans nie bewoon word nie en daar 'n wesenlike gevaar is dat die geboue, wat spesifieke boustyle uitbeeld, tot niet kan gaan.

As die huidige stand van navorsing binne hierdie studieveld ontleed word, is die bevinding dat al die studies handel oor die ekonomiese haalbaarheid van plaastoerisme. In dié verband kan daar verwys word na Baxter (1992), Bruwer (1990) en de Jager (2004). Daar is weinig gedoen om die bydrae van die nie-tasbare kultuur tot plaastoerisme uit te wys. Die studie van Meintjies (2000) behandel kultuuroordrag in gastehuise en verwys ook na die nie-tasbare kultuur. Hierdie studie is egter die eerste wat dit met plaastoerisme in verband bring.

Albei die plase is gemeet aan die norme daargestel vir plaastoerisme. Volgens die norme blyk dit duidelik dat Sewefontein suksesvol vir plaastoerisme gebruik kan word. In die geval van Soutpan sal plaastoerisme ook bedryf kan word, maar dit sal veel meer insette verg as by Sewefontein. Op Soutpan is die meeste van die geboue in 'n vervalle toestand en sal dit groot finansiële insette verg om dit weer te herstel en op te bou sodat dit geskik sal wees vir plaastoerisme. Indien dit nie finansieel haalbaar is nie, sal daar waarskynlik 'n deel van die plaasgeskiedenis van Suid-Afrika vir altyd verlore wees.

Die plaastoerismebedryf van Suid-Afrika behoort gebruik te maak van die resultate van akademiese navorsing. Die model wat in die inleiding behandel is en aangewend is in hierdie studie om verskillende dimensies van kultuur by toerisme te betrek, bied ‘n legio van moontlikhede vir die bedryf. Daar is talle fasette van kultuur wat nie in die studie aangespreek is nie (weens die beperkte omvang). In die vakkundige artikel *’n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis* (Burden en Ekermans, 2001) behandel die skrywers ‘n uitgebreide sisteem van kultuurhistoriese onderwerpe en temas wat met vrug vir die doeleindes van toerisme verder ondersoek kan word en veral in plaastoerisme aangewend sou kon word.

BRONNE

Afkortings

AK	Aktekantoor
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek
LG	Landmeter-Generaal
MS	Manuskrip
SKN	Sentrum vir Kultuurhistoriese Navorsing

Literatuur

Amschwand, N	2007	Soutpan – a farm on the edge (*VASSA journal,* 18 Desember).
Baxter, J	1992	*Farm tourism in the South Western Cape,* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Bezuidenhout, J	2000	Landbounet. Benut en bou toerisme uit (*Landbouweekblad,* 15 September).
Bezuidenhout, R	2001	Agritourism- the answer to decay? (*Farmer's Weekly*, 19 Januarie).
Boggs, S	2006	*Principles of sedimentology and stratigraphy* (4de Uitg.), Pearson Prentice Hall: Upper Saddle River, New Jersey.
Booyens, B	1990	Die Nawakwalander en sy kerk (*Die Kultuurhistorikus*, 5 (2), Oktober).
Booyens, B	1982	*Nagmaalsnaweek deur die jare,* NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad.

Botha, T ea	1994	*Secret Southern Africa,* AA The Motorist Publications: Kaapstad.
Botha, T	2000	Wen-roete vir agri-toerisme (*Landbouweekblad*, 4 Februarie).
Breedt, JMN	1947	*Gedenkboek by die jubileumfees van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nieuwoudtville, 1897-1947,* Nederduitse Gereformeerde Kerkraad, Nieuwoudtville: Nieuwoudtville.
Bruwer, J de W	1990	*Potensiaal van landbou toerisme,* (Navorsingsverslag 27, Toerismenavorsingseenheid, Kaapse Technikon: Kaapstad).
Bulpin, TV	2001	*Discovering Southern Africa* (6de uitg.), Discovering Southern Africa Productions: Muizenberg.
Burchell, WJ	1953	*Travels in the interior of Southern Africa,* Volume 1, Batchworth Press: Londen.
Burden, M	1994	Volksweervoorspelling in Outeniekwa (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 8 (2)).
Burden, M	2000	Die metodologie van kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 14 (2)).
Burden, M & Ekermans, B	2001	'n Klassifikasiestelsel vir kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15 (2)).
	1989	Calvinia-museum (*Rostrum*, 11 (2)).
Cape Times	1937	Cape Times: Kaapstad.
Cape Peninsula directory		

Cape Times Peninsula directory with street maps	1973	Transvaal Printers: Kaapstad
Coetsee, J	2004	Agri-toerisme 'n "sluimerende hulpbron" (*Landbouweekblad,* 15 Oktober).
Cook, M	1973	*Die Kaapse kombuis,* Stellenbosch Museum: Stellenbosch.
Cooper, O & R Harris	2004	Tourism benefits from overseas (*Farmer's Weekly*, 141 (10)).
Cowan, H	1973	*Dictionary of architectural science,* Applied Science Uitgewers: Londen.
Dapper, O	1933	Kaffraria, or land of the Hottentots (In Schapera: *The early Cape Hottentots,* Van Riebeeck-vereniging: Kaapstad).
De Jager, F	2000	Die wit perd van Calvinie (*Die Volksblad,* 13 September).
De Jager, JL	2004	*'n Ontleding van landboutoerisme in die Tuinroete-gebied van Suid-Afrika,* (Ongepubliseerde Magister in Tegnologie, Port Elizabeth Technikon: George).
De Swardt, B	1997	Toerisme op die plaas (*Effektiewe boerdery*, Junie).
De Villiers, CC & C Pama	1966	*Geslagsregisters van die ou Kaapse families I,* Balkema: Kaapstad.

Dernoi, LA	1983	Farm tourism in Europe (*Tourism management*, 4).
Dower, M	1973	Recreation, tourism and the farmer (*Journal of agricultural Economics*, 24).
Du Plessis, P	1994	Hantamhuis se gewels kroon op bewaring (*Die Burger, Woongids,* 10 September).
Eaton, N	1968	Aims and procedures in the preservation and restoration of historic buildings (In: RFM Immelman & GD Quinn: *The preservation and restoration of historic buildings in South Africa,* Balkema: Kaapstad).
Erasmus, BPJ	1995	*On route in South Africa,* Jonathan Ball: Kaapstad.
Erasmus, G	2004	Agri-toerisme wag om ontgin te word (*Landbouweekblad*, 6 Augustus).
Erasmus, GJ	1986	*Navorsingsverslag: Calvinia,* Universiteit van Stellenbosch, Nagraadse Bestuurskool, Instituut vir Toegepaste Bestuurswetenskappe: Stellenbosch.
Fleminger, D	2008	*Richtersveld,* Southbound: Johannesburg.
Fransen, H & M Cook	1965	*The old houses of the Cape,* Balkema: Kaapstad.
Fransen, H & M Cook	1980	*The old buildings of the Cape,* Balkema: Kaapstad.

Frater, JM	1983	Farm tourism in England (*Tourism management*, 3).
Godée Molsbergen, EC	1916	*Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd,* Martinus Nijhoff: 'sGravenhage.
Goldblatt, P & J Manning	2000	*Wild flowers of the fairest Cape,* Red Roof Design: Kaapstad.
Gossling, S & S Maltsson	2002	Farm tourism in Sweden: structure, growth and characteristics (*Scandinavian journal of hospitality and tourism*, 2 (1)).
Grobbelaar, PW ea	1977	*Boerewysheid,* Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
Grobbelaar, PW	1992	Van meester tot mister tot meneer: grepe uit die Verhaal van ons onderwys (*Die kultuurhistorikus,* 7 (1)).
Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal	1985	Tweede hersiene uitgebreide uitgawe, Perskor: Johannesburg.
		Hantamhuis herstel soos oorspronklike (*Die Burger,* 28/7/1989:23).
Hattingh, M	2008	Joule kan 'n regte juweel op pad word (*Die Burger,* 8 November).
Hattingh, PS	1995	Ecotourism and farm tourism (in *Conference on Eco-and farm tourism*, Sentrum vir Ekotoerisme, Universiteit van Pretoria: Pretoria).

Heese, JA & RTJ Lombard	1986	*Suid-Afrikaanse geslagregisters I,* RGN: Pretoria.
Holdnak, A	2000	Farm tourism: a case study in Florida's Orange Groves (*Parks and Recreation*, 35 (9), September).
Hoyland, I	1982	Development of farm tourism in the UK and Europe (*Farm management*, 4 (10), Summer).
Hugo, ML	1990	Farm tourism is easy (*Magnum*, Oktober).
	1993	Karooboeke word bewaar (*Die Burger,* 14 Augustus).
Le Roux, M	1994	Boekehuis vier sy eerste verjaardag (*Die Burger,* 7 September).
Lichtenstein, H	1928	*Travels in Southern Africa in the years 1803-1806,* Volume 1, Van Riebeeck-Vereniging: Kaapstad.
Manning, J & P Goldblatt	1999	*Nieuwoudtville Bokkeveldplato & die Hantam,* Botaniese Vereniging van Suid-Afrika: Nuweland.
Manning, J	2004	*Southern African wild flowers,* Struik: Kaapstad.
Marais, E	1996	Pelargonium glabriphyllum (Geraniaceae), a new species from the Nieuwoudtville area (*South African Journal of Botany,* 62 (5)).
Meintjes, S	2000	*Die potensiaal van gastehuise om plaas-like kultuur aan die toeris oor te dra: gevallestudies van drie Wes-Kaapse g*astehuise (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).

Moseley, S	2002	Create an eco-tourism destination (*Grow*, 31 Mei).
Moseley, S	2001	A second income: indigenous-flower tours (*Farmer's Weekly*, 14 Desember).
Nel, E	2003	*Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* Bienedell Uitgewers: Pretoria.
Nel, E	gd	*Van Blomfontein na Papkuilsfontein tot Sewefontein,* geen uitgewer: geen plek.
	2000	New internet gateway targets agri- and eco-tourism for SA *(Netmaster Africa*, 5 (2)).
Nienaber, PJ	1971	*Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek,* deel 1, Tafelberg: Kaapstad.
Oberholster, AJ	1988	Wat is bewaring? (In: I Coetzee & G-M Van der Waal (reds): *Kultuurbewaring: Veranderende konteks en uitdagings,* Konferensie-organiseerders: Pretoria).
Olivier, M	1986	Anthonie Frederik Bus: plattelandse muurskilder (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* 42(1), April).
Paterson, W	1980	*Paterson's Cape travels 1777-1779,* Brenthurst: Johannesburg.
Penn, N	1995	*The Northern frontier* (Ongepubliseerde DPhil-tesis, Universiteit van Kaapstad).

Penn, N	2005	The Bokkeveld ear atrocity (*Kronos,* 31, November).
Penrith, J	1974	*Die groot Karoo,* Purnell: Kaapstad.
Pettman, C	1985	*South African place names,* Lowry Uitgewers: Johannesburg.
Pienaar, FJ	1993	*Die funksionele waarde van toerisme in die ontwikkelingsopset van landelike gebiede met spesifieke verwysing na landboutoerisme* (Ongepubliseerde MPhil tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Pieterse, J le R	1995	Farm tourism (in *Conference on Eco- and farm tourism*, Sentrum vir Ekotoerisme, Universiteit van Pretoria: Pretoria).
Pinchuck, T	2005	*The rough guide to South Africa, Lesotho and Swaziland*, 4de uitg. Rough Guides: New York.
Pinnock, D	1999	A place of naartjies and pioneers (*Getaway,* September).
Raper, PE	2004	*New dictionary of South African place names,* Jonathan Ball: Johannesburg.
	2000	Restaurant en gastehuis op Calvinia is uniek (*Die Gemsbok – Calvinia,* Junie).
Riley, J	2003	North-east sees money for tourism (*Farmer's Weekly*, 136 (9)).
Rösch, H	1999	Exploring Namaqualand (*Veld & Flora,* September).

Rourke, J	2002	Clivia mirabilis (Araryllidaceae: Haemantheae) a new species from Northern Cape, South Africa (*Bothalia,* 32 (1)).
Rust, I	1963	Note on a glacial pavement near Nieuwoudtville (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap,* Januarie).
Schapera, I	1930	*The Khoisan peoples of South Africa,* Routledge & Paul: Londen.
Scholtz, PL	1966	Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902 (*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29 (2)).
Schutte, E	gd	*Van hede tot Boltman-verlede,* RAU Pers: Johannesburg.
Sinclair, I	1985	*Veldgids tot die voëls van Suider-Afrika,* Struik: Kaapstad.
Slee, RW & R Yells	1984/85	Some aspects of marketing farm holiday accommodation (*Farm management*, 5 (8), Winter).
Smit, AP	1946	*Na honderd jaar: eeufees NG Gemeente Calvinia 1847-1947,* NG Kerkraad Calvinia: Calvinia.
Smith, AB ea	2000	*The Bushmen of Southern Africa,* David Philip Uitgewers: Claremont.
Snijman, D & P Perry	1987	A floristic analysis of the Nieuwoudtville Wild Flower Reserve, north-western Cape (*South African Journal of Botany,* 53 (6)).
Spaarwater, P	1993	Karoo vereer sy skrywers (*Die Burger,* 14 Augustus).

Standard Encyclopedia of Southern Africa	1971	Vol 3. Nasou: Kaapstad.
Standard Encyclopedia of Southern Africa	1973	Vol 8. Nasou: Kaapstad.
Statistics South Africa	2004	*Cencus 2001: key municipal data,* Statistiek Suid-Afrika: Pretoria.
Steenkamp, JH	1969	*Die Steenkamps van Suidelike-Afrika,* JH Steenkamp: Suid-Afrika.
Steiner, K	1992	Two new Diascia (Scrophulariaceae) species from the Nieuwoudtville area, Western Cape (*South African Journal of Botany,* 58 (3)).
Taljaard, MS	1948	*Oor berge en vlaktes,* Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars: Stellenbosch.
Theron, JN & AG Thamm	1990	*Stratigraphy and sedimentology of the Cape Supergroup in the Western Cape,* Geologiese Vereniging van Suid-Afrika: Suid-Afrika.
Thompson, G	1962	*Travels and adventures in Southern Africa,* Africana Connoisseurs: Kaapstad.
Thunberg, CP	1986	*Travels at the Cape of Good Hope 1772-1775,* (tweede reeks no 17), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.

Van der Merwe, PJ 1938 *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaap-Kolonie 1657-1842,* Nasionale pers: Kaapstad.

Van der Waal-Braaksma, G & OJO Ferreira 1986 *Die Noordweste,* Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Johannesburg.

Van Hoven, L 1991 Plaasplesier (*Suid-Afrikaanse Panorama,* November/Desember).

Van Wyk, AE & GF Smith 2001 *Regions of floristic endemism in Southern Africa,* Umdaus: Hatfield.

Van Zyl, A 2003 *'n Ondersoek na die bewarenswaardigheid van die Elandsvlei-gebouekompleks* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).

Vogeler, I 1977 Farm and ranch vacationing (*Journal of Leisure Research*, 9 (4)).

Walton, J 1965 *Homesteads and villages of South Africa,* Van Schaik:Pretoria.

Walton, N 2002 City slickers' delight (*Farmer's Weekly*, 4 (11), Januarie).

Wathall, JN 1954 *Teen 'n rotswand uitgekap,* Nasionale Boekhandel: Kaapstad.

Wrathall, JE 1980 Farm-based holidays (*Town and country planning*, 49 (6), Junie).

Elektroniese bronne

Fausnaugh, C 2004 *Farm and country tourism on your property: Stage 1 assessment tool, CRC for Sustainable Tourism*: Queensland. Herwin November 25, 2004 vanaf http://www.crctourism.com.au/CRCBook-shop/page.aspx?page_id=2&productID=337

South African Weather Service 2008 *Climate data.* Herwin Mei 22, 2008 vanaf http://www.weathersa.co.za/Climat/Climstats/CalviniaStats.jsp

Periodieke publikasies

Bothalia, 32 (1), 2002

Cape Times Cape Peninsula directory, 1937-1973

Die Burger, 28/7/1989

Die Burger, 14 Augustus 1993

Die Burger, 7 September 1994

Die Burger, 8 November 2008

Die Burger, Woongids, 10 September 1994

Die Gemsbok-Calvinia, Junie 2000

Die Kultuurhistorikus, 7 (1), 1991

Die Volksblad, 13 September 2000

Effektiewe boerdery, Junie 1997

Farm management, 4 (10), 1982

Farm management, 5 (8), 1984/85

Farmer's Weekly, 19 Januarie 2001

Farmer's Weekly, 14 Desember 2001

Farmer's Weekly, 4 (11), 2002

Farmer's Weekly, 136 (9), 2003

Farmer's Weekly, 141 (10), 2004

Getaway, September 1999
Grow, 31 Mei 2002
Journal of Agricultural Economics, 24 1973
Journal of Leisure Research, 9 (4), 1977
Kronos, 31, November 2005
Landbouweekblad, 4 Februarie 2000
Landbouweekblad, 15 September 2000
Landbouweekblad, 6 Augustus 2004
Landbouweekblad, 15 Oktober 2004
Magnum, Oktober 1990
Netmaster Africa, 5 (2), 2000
Parks and recreation, 35 (9), 2000
Rostrum, 11 (2), 1989
Scandinavian Journal of Hospitality and Tourism, 2 (1), 2002
South African Journal of Botany, 53 (6), 1987
South African Journal of Botany, 58 (3), 1992
South African Journal of Botany, 62 (5), 1996
Suid-Afrikaanse Panorama, November/Desember 1991
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 8 (2), 1994
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 14 (2), 2000
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 15 (2), 2001
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap, Januarie 1963
Tourism management, 3 1983
Tourism management, 4 1983
Town and country planning, 49 (6), 1980
Veld & flora, September 1999
VASSA journal, (18), Desember 2007

Statutêre Bronne

Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr 25 van 1999

Argivale Bronne

Aktekantoor Kaapstad (AK)

AK WOR.Q5-63
Calvinia Akteregister 982/1
Calvinia Akteregister 989/1
Calvinia Akteregister 991/1

Argief-en Rekorddiens van die Wes-Kaap (Kaapse Argiefbewaarplek (KAB))

Opgaafrolle (J)

J19	Opgaafrolle Clanwilliam 1809-1811
J20	Opgaafrolle Clanwilliam 1812-1813
J22	Opgaafrolle Clanwilliam 1816
J26	Opgaafrolle Clanwilliam1818
J28	Opgaafrolle Clanwilliam 1821-1823
J32	Opgaafrolle Clanwilliam 1826-1827
J36	Opgaafrolle Clanwilliam 1832
J252	Opgaafrolle Clanwilliam 1820

Dokumente (Mortgages) (DOC)

4/1/424
4/1/440
4/1/688

Master's Office Orphan Chamber (MOOC)

6/9/11
6/9/47
6/9/159
6/9/3501
7/1/113

7/1/196
7/1/250
7/1/252
7/1/349
7/1/400
13/1/2350

Provincial Administration Education (PAE)

Inspector's report 599:C30/583/ER Deel 1
Inspector's report 599:C30/583/ER Deel 2
Inspector's report 1390:C30/583/ER Deel3

Superintendent General of Education (SGE)

SGE 1/597
SGE 1/785
SGE 1/966
SGE 1/1251
SGE 2/400
SGE 2/504

Kantoor van die Landmeter-Generaal (LG)

SG 7459/1831 Kaart van Soutpan gedateer 1831

<u>Sentrum vir Kultuurhistoriese Navorsing</u>

Voorgraadse werkstukke

CALV I, VI: Calvinia
NIE I Nieuwoudtville

Brosjures

AA Reisdiens Kaapstad na Vioolsdrif/Upington

Calvinia Inligting

Calvinia: Lank gelede
Huisvesting in Calvinia

Nieuwoudtville, bulb capital of the world

Oorlogskloof-gletservloer

Oorlogskloof wildernis wandelpad

SEESA commerce

Tourism Grading Council of South Africa

Welkom in Nieuwoudtville

Manuskripte (MS)

Calvinia Museum	gd	(Beskikbaar by M Visser)
Geslagregister van Therons in Suid-Afrika	gd	(Beskikbaar by dr. H Theron)
Hantamhuis	gd	(Beskikbaar by M Visser)
Helfet, A	gd	The Helfets of Carmel Villa *Liverpool* (Beskikbaar by M Visser)

Rosenblatt saga	gd	(Beskikbaar by M Visser)
Theron	gd	(Beskikbaar by M Visser)

Mondelinge bronne

Amschwand, NP mnr
Nigel
James Walton 17
Onze Molen
Durbanville
Tegniese Direkteur: GEA Grasso (Africa)Bpk.
Geboortedatum: 1948
Datum van onderhoud: 10 Augustus 2009

Boltman, AJL mev
Kotie
Melkkraal, Nieuwoudtville
Huisvrou
Geboortedatum: 1932
Datum van onderhoud: 17 Junie 2003
16 Julie 2008

Boltman, FH mnr
Frikkie
Stasiestraat 22, Calvinia
Afgetrede boer
Geboortedatum: 1915
Datum van onderhoud: 19 Junie 2003

Boltman, FHG mnr
Gerhard
Posbus 49, Calvinia
Afgetrede boer
Geboortedatum: 1937
Datum van onderhoud: 19 Junie 2003
13 Julie 2009

Boltman, JN mnr	Buks Melkkraal, Nieuwoudtville Boer Geboortedatum: 1959 Datum van onderhoud: 18 Junie 2009
Boltman, PJ mnr	Kosie Melkkraal, Nieuwoudtville Boer Geboortedatum: 1919 Datum van onderhoud: 12 Augustus 2001 17 Junie 2003
Botha, HJ mnr	Herman Pastoriestraat 19, Calvinia Onderwyser Geboortedatum: 1956 Datum van onderhoud: 7 Oktober 2008
Du Preez, A mev	Alette Huis Altena, Strand Huisvrou Geboortedatum:1922 Datum van onderhoud: 26 Julie 2009
Fick, H mnr	Herman Waterstraat 35, Calvinia Bedryf eie gastehuis Geboortedatum: 1947 Datum van onderhoud: 6 Januarie 2009
Hugo, M mev	Maxie Calvinia Museum, Posbus 327, Calvinia Kurator van Calvinia Museum

	Geboortedatum: 1943 Datum van onderhoud: 4 Mei 2007 12 Oktober 2009
Koekemoer, AHJ mev	Alida Huis André van der Walt, Durbanweg, Belville Huisvrou Geboortedatum: 1915 Datum van onderhoud:1 Augustus 2004
Kotze, A mev	Posbus 35, Nieuwoudtville Huisvrou Ouderdom: 74 jaar Datum van onderhoud: 16 Julie 2008
Kotze, TN mnr	Teunie Posbus 26, Nieuwoudtville Boer Ouderdom: 72 jaar Datum van onderhoud: 15 Julie 2008
Theron, JN dr	Hannes Fynbos, Jonkershoek, Stellenbosch Afgetrede geoloog Datum van onderhoud: 18 Augustus 2009
Van Zijl, H mnr	Hendrik Van Zijl Gastehuise, Nieuwoudtville Prokureur en sakeman Datum van onderhoud: 12 Oktober 2009